Die Altyd-Teenwoordige Water Uit Die Rots

Ons is dankbaar vanmôre vir die Teenwoordigheid van die Here God, wat die vroeë dienste sou begin deur vir ons 'n boodskap te gee, dat—dat ons moet "luister, eerbiedig wees" voor Hom, dat Hy iets het om vir ons te sê. Ek is seker dat Hy dit sal doen wat Hy belowe het. Hy hou wel altyd Sy Woord. En daarom is ons dankbaar om saam vergader te wees, lewend, en hierdie kant van die Ewigheid vanmôre, en weer in staat om die Here te aanbid, en onsself saam te vergader en van Hom te hoor. Dis die redes waarom ons bymekaarkom, is vir hierdie einste doel.

2 Nou, ek het soort van ingestorm op Broer Neville, onverwags, vandag, as gevolg van 'n sekere droom wat ek gehad het. Dat . . . Ek glo in . . . Ek . . . . . in drome. Ek glo dat God met mense werk deur drome. En ek het 'n baie ongewone droom gehad, eergisteraand. Dat, ek teen 'n heuwel langs gegaan het, sekere heuwel, oppad was na 'n eetplek waar ek my—my middagete sou eet. En ek het opgelet dat, soos ek naby aan die plek gekom het, het hulle musiek gespeel, 'n orkes het musiek gespeel, met viole, en die mense vermaak terwyl hulle geëet het. En daar was iets daaromtrent waarvan ek nie gehou het nie, so ek het net die ding vermy. En ek het iemand ontmoet wat teen die heuwel opgegaan het. En ek het gekyk, en baie mense het teen die heuwel opgegaan na hierdie eetplek. Maar ek het soort van hulle weggekom, teruggedraai na regs, of, na links.

3 En op 'n manier, onder in die vallei, kon ek die tabernakel sien. Ek het iemand se stem gehoor, gesê: "Ontmoet vir Broer Branham by 'n sekere-sekere kruising. Hy kom met die heuwel af daarbo. En sê vir hom so-en-so." En ek het opgeskud om by hierdie kruising te kom.

4 En toe die persoon aangekom het, was dit Broer Neville, met sy bruin pak aan, gelyk net soos hy lyk waar hy hier sit vanmôre. En hy het gesê: "Broer Branham, as jy in die stad gaan wees," gesê: "sou dit 'n—'n goeie ding wees vir jou om af te kom, want Broer Hank . . . " Nou, die enigste een wat ek ken, Broer Hank, is Broer Henry Carlson, ons noem hom Hank. Gesê: "Hy mag dink dis vreemd dat jy nie die tabernakel meer besoek het as jy in die dorp gaan wees, of in die stad vir 'n paar dae nie." Ek het wakker geword.

5 En, daarna, het ek soort van vreemd gevoel. Ek wou nie indruk op daardie tyd van die week, voordat ek vir Broer Neville gevra het of hy iets spesiaals het vir vanmôre, vir die kerk nie.

So hy was genadig, soos gewoonlik, gesê: "Kom oor." So, ons het pas ingekom. Ek het hom laat gistermiddag gebel, en vanmôre ingekom, onverwags vir enige van ons.

6 Nou, ek glo dat dit 'n goeie ding sal wees, eers, vir my om vir julle 'n paar dinge te—te verduidelik. Ek is, blykbaar, 'n baie vreemde persoon vir baie mense. En is soort van vreemd vir myself, ook. Want, ek probeer die leiding van die Heilige Gees volg, net so nougeset as wat ek kan. En dit maak ons vreemd, sien. Ons doen dinge wat ons—ons partymaal laat sit en wonder: "Waarom het ek so-iets gedoen? Hoe het ek ooit so-iets gedoen?" En net daar dink jy dalk dat jy presies gedoen het wat jy nie moes gedoen het nie. Maar as jy net geduldig sou wees, en geloof hê, en jy seker is dat God jou gelei het om dit te doen, sal jy uitvind dit werk net presies reg uit. Sien? En ons vind dit baiekeer. En ek weet Broer Neville het dit gevind, baiekeer. En leiers en geestelike mense besef dit.

7 Dit was vir geruime tyd in my lewe dat . . . In der waarheid, vandat ek net 'n seuntjie was, het ek nooit die ware leiding gevoel dat ek in—in Jeffersonville moet woon nie. Dit was nog altyd 'n vlieg in die salf, vir my om hier te probeer woon. Die eerste ding, akkordeer die klimaat glad nie met my nie. Nog 'n ding, daar is skynbaar 'n onderdrukking van die gees.

8 As julle teruggaan en hier iewers kyk, as dit nie vernietig is gedurende die tyd van die vloed nie, is daar 'n brief daaroor, dat ek het, eerste geroep is na die bediening, ek begin vertrek het. En ek en Broer George DeArk . . .

9 En Broer Graham Snelling se ma, Broer Hawkins wat die vulstasie bestuur in New Albany, en baie van die mense, het my buitekant 'n biduurplekkie hierbuite ontmoet. En selfs gesê, as ek sou bly, sou hulle hulle kinders rantsoeneer aan tafel, om—om 'n tabernakel te bou, sodat hulle nie van plek tot plek rongedra hoef te word nie.

10 Toe ek daardie moedertjie gehoor het, met een babatjie wat aan haar hand vashou en die ander een op haar arm, sê dat sy haar kinders aan tafel sou rantsoeneer, om 'n plek te kan bou waar hulle kon bly en aanbid, was dit 'n bietjie te veel vir my om te verduur. So ek en Broer George het vergader en besluit ons sou bly en die tabernakel bou.

11 En toe die tabernakel gebou is, was dit altyd skynbaar . . . Die oggend wat ek die tabernakel toegewy het, het 'n visioen gekom, wat neergeskryf is en in die hoeksteen geplaas is daar, toe die Heilige Gees vir my gesê het: "Hierdie is nie jou tabernakel nie." Sien? En ek het gevra waar my tabernakel was, en Hy het my neergesit onder die helder blou hemele. En toe het Hy gesê: "Doen die werk van 'n evangelis," ensovoorts, soos julle weet. Dis selfs in die boeke geskryf.

12 Al daardie dinge bymekaargesit. En eendag, toe ek die gras gesny het daarbo waar Broer Wood nou woon, en my skoonma het op daardie tydstip daar gebly; het ek op die agterste trap gesit, 'n ou sement trappie, wat ek hierdie plekkie daar gebou het vir my skoonma. En sy was soort van die opsigter van die kerk op daardie tyd, gesorg daarvoor. En net so duidelik soos wat enigiemand kan praat, het 'n Stem met my gepraat, gesê: "Ek kan jou nooit seën solank jy hier bly nie. Jy moet jou afsonder van jou mense en hierdie plek." Wel, ek, dit het my net verskeur, vir omtrent meer as 'n week.

13 Konstant, die heeltyd, het Iets my gewaarsku: "Gaan weg, gaan weg. Trek weswaarts. Hou wes." Wel, ek . . . Dit pla my die heeltyd. En lyk asof elke keer . . .

14 Nou, ek het dit duidelik in my kop gemaak dat ek hierdie week sou vlieg na Tucson, waar ek 'n plek sou huur, om hierdie winter daar te wees; om die kinders in die skool te sit, vanaf September. Ek het die plek gehad. Daar is selfs 'n plek wat daar vir my gegee is. Maar daar is iets wat . . . En—en as ek weggaan . . .

15 Nog iets wat ek wil sê. Net voor ons hierdie huis hierbo gebou het, die pastorie, waar dit nou is, ek wou nie daar bou nie. My vrou se moeder was oud. En sy het gehuil daaroor, sy het gesê: "Ek kan moeder nie net hier los, in die wete dat sy oud is, en sy dalk nie versorg sal wees nie." Wel, ek het dit verstaan. Ek verstaan. Dis haar moeder, en die enigste moeder wat sy ooit gehad het, of ooit sal hê. So, ek het dit verstaan. So ek—ek het gebid vir die Here, ek het gesê: "Here, omdat ek nie van die plek hou nie," het ek gesê: "maak my tevrede. Ek sal enige plek gaan waar U wil hê ek moet gaan, van enige plek af. Maar ek wil nie my vrou bedroef, om haar weg te neem van hier af, na 'n vreemde land, waar sy niemand ken nie. En dan is ek die heeltyd weg, in elk geval. Maak my net tevrede om hier by haar te wees."

16 En nou, toe haar moeder geneem is, en sy heengegaan het na die Hiernamaals, toe kom die drang weer hier, sien, om nou aan te beweeg. Ek weet nie wat om te doen nie.

17 En toe, nou die dag, toe die doktrine wat die broers rond begin het, het ek gestaan van die preekstoel af, die laaste keer wat ek hier was, en vir julle gesê dat ek nie op die veld sou wees solank dit aangegaan het nie. So, die broers het dit alles genadiglik uitsorteer. Dit het alles opgeklaar. Binne vier-en-twintig uur, was dit alles verby.

18 Nou, dit maak weer die veld oop vir my. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek weet nie watter kant toe om te draai nie. Ek het die Here gevra vir 'n visioen. Ek het vir Hom gevra om vir my te sê wat om te doen. Maar Hy laat my net sit.

19 Nou, gisteraand toe ek al die kinders weggekry het, my vrou en almal, uit die huis uit, het ek 'n belofte aan die Here God

gemaak. En ek het aan die Here God gesê: "As U my sal seën op die weg wat ek gaan, sal ek U dien. Maar U sal my moet wys waarheen om te gaan, en hoe om te gaan, en wat om te doen." So, ek het myself toevertrou aan die Here. Met die—met die bediening en alles, het ek dit toevertrou aan die Here. En ek het gesê: "Waar U ook al oopmaak, wat U ook al doen, ek sal in daardie weg wandel. Totdat U 'n weg maak, sal ek net voortgaan soos ek is totdat U die weg maak." En ek het Hom gevra om dit so duidelik te maak dat ek dan nie mislei sal word nie, want ek glo waarlik dat ons reg by 'n kruispad is vir iets om te gebeur.

20 Ek het gehoor dat dit geprofeteer is vanmôre hier deur Broer Neville, of dit gegee het waar ek geweet het dit was—dit was 'n profesie waarna hy verwys het. Nou, daarom, ek het vir julle almal gebid, en ek het nodig dat julle almal vir my bid, sodat die Heilige Gees my net presies sal lei waarnatoe ek moet gaan, wat ek moet doen, sodat ek geen fout sal maak nie.

21 Julle sien, baiekeer, dink mense dat 'n profetiese gawe, dat God net sê: "Ek sal jou net *hier* optel, en jou *hier* neersit. Nou gaan jy net *hiernatoe*." En Hy sê nie vir jou al daardie dinge nie. As Hy het, watter oorwinnende geloof het jy dan gehad? Sien? Sien, jy, Hy laat jou alleen staan meer as enigiemand anders. Sien? Julle kan almal na my toe kom en vir sekere dinge vra, en Hy het nog nooit nié vir julle die antwoord gegee nie. Dis reg. Ja. Maar ek kan Hom vir dinge vra vir myself, en baiekeer los Hy my net alleen, sien, laat my net voortgaan en daarin instap.

22 Ek het dinge nou wat ek self moet oplos, en besluite wat ek moet maak. En hierdie is net so 'n wesenlike een, dat ek dit net nie eintlik kan maak totdat ek seker is dat dit Hy is wat met my praat nie. En ek—ek . . . Hy wil my nie 'n visioen gee nie. Hy laat my net alleen. So ek sit net soos 'n weeskind, soort van, vanmôre, ek—ek weet nie waarnatoe om my te wend nie. So, ek het dit toevertrou aan die Here.

23 Ek—ek het toe gevoel, deur dit te droom, ek moet terugkom hier na die tabernakel en vir broer Neville help totdat iets anders net gebeur het langs die pad. So, ek sal kom.

24 Ek het vir Broer Neville gevra 'n paar oomblikke gelede: "Hoe het die kerk aangegaan?"

En hy het gesê: "Goed."

25 En so, ek het gehoor julle het steeds geestelike gawes en dinge onder julle, wat werk, gawes van profesie, en—en praat met tale, en uitleg van tale, wat ons pas 'n paar oomblikke gelede gehoor het. En daardie dinge is stigtelik vir die kerk, en grootliks.

26 Maar ek het gedink, vanaand mag ek dalk, as Broer Neville . . . As die Heilige Gees ons nie lei na iets anders nie, wil ek vanaand graag hê 'n . . . Julle almal, voor julle vertrek vanmôre, om vir julle 'n vraag uit te skryf en hier neer te sit, een of ander vraag in julle gemoed, dat ons kan uitvind wat die

kerk dink. Dis omtrent die manier wat pastore het om uit te vind wat op die mense se harte is. En elkeen van julle met 'n vraag, skryf dit en sit dit hier neer. As julle nie 'n stuk papier het om dit op te—te skryf vanmôre nie, skryf dit dan vanaand, vroeg. So, ek sou net soveel tyd kan kry as wat ek kon, met hulle, om na hulle te kyk en julle Skriftuurlik te antwoord.

27 Dan, as die Here wil, as dit God se wil is; ek het 'n stelling gemaak hier nie lank gelede nie, dat ek met julle wil praat oor die sewe laaste Seëls van die . . . die Openbaring. Nou as ons . . . Ek kon nie die heelpad deur daardie Seëls kom vanjaar nie, want dit neem vanaf die 6de hoofstuk van Openbaring, tot die—tot die 19de hoofstuk, om deur daardie Seëls te kom. Maar die eerste drie of vier van hulle kan binne 'n aand geantwoord word, dink ek, elke Seël wat 'n aand neem.

28 Nou, as ons verstaan, sien, waar ons stop met daardie Boek van Openbaring, waar die Kerk opgeneem is na Heerlikheid. Dan gaan die res daarvan oor die Jode, glad nie oor die Kerk nie. Dit gaan oor die Joodse volk. Daarom moet ons terugval, van die Wegraping van die Kerk af, en neem . . . Ons sien hier wat plaasvind gedurende daardie Seëls, en tyd van die Heidense Kerk. Die Kerk wat weg is; en met die volk van Israel, val dit terug en bring Israel van die tyd wat dit weg is van hulle af, tot die moderne tyd; en die komende Messias, wanneer hulle die Messias sal ontvang.

29 Begryp julle dit nou? Die Kerk word opgeneem. God het eers gewerk met die Kerk, Kerkeeue. Ons het dit geneem. Dan word die Kerk opgeneem na die Heerlikheid. Dan gaan die Heilige Gees terug en kry Israel, as 'n volk. En bring dit af na sover, terwyl die Bruilofsmaal aan die gang is, en bring Hulle dan weer terug aan die einde van daardie tyd. Ek sal my swartbord op hê, en sal dit kan uitteken en dit onderrig, wanneer die tyd aanbreek. Dan kom die Here terug met die Bruid, en Israel sien haar. En, o, watter tyd sal dit wees!

30 Nou, voor ons dit reg kan verbind, is daar 'n groot les wat 'n struikelblok vir teoloë en baie leraars dwarsdeur die eeu was, en mense van die Kerk van Christus en hulle wat kom luister hierna, dit is, die Sewentig Weke van Daniël. Ons het . . . Ons kan nie verder gaan in Openbaring voordat ons die Bruid en Israel verbind met die Sewentig Weke van Daniël nie. En miskien, as God wil, sodat as Hy met my sal praat in die toekoms, om te praat oor iets van hierdie Sewentig van Weke . . . of, nie Sewentig Weke nie, maar sewe laaste Seëls. Dan, sal ek volgende Sondag Daniël Sewentig Weke probeer neem, volgende Sondag, as die Here wil. En dan sal dit dan die grond oopmaak, as Hy ons sal lei, om met die ander te begin. Wel, ons sal uitvind van dan af.

31 Ek en Broer Neville sal saamwerk hierop, en alles probeer doen wat ons kan tot voordeel van die mense.

32 Nou, elke keer teruggaan, bid ons vir die siekes, ons is altyd bly om dit te doen. En ek sal dit waarskynlik elke diens doen, as mense siek is, om vir hulle te bid.

33 En begeer nie om nog enige onderskeiding te hê nie. Sien, nou hier is wat gebeur. Ek het probeer. En ek weet ek het dinge gedoen wat verkeerd is; maar ek het naby genoeg aan God probeer lewe, die heeltyd, aan God, dis hoe hierdie visioene sou gebeur, hoe hulle sou plaasvind. Selfs mense sou goed verloor, en my bel, vir my vra om te gaan bid tot die Here, om te vra waar dit was. Soos Isai die muile verloor het, en die seuns afgegaan het om die profeet te vind, en hy vir hulle gesê het waar die muile klaar teruggegaan het huis toe. Sovoorts soos daardie, dit is heeltemal in die haak. Maar dit raak soveel daarvan, soveel mense . . . Nie net in die ligging soos hierdie nie; dis wêreldwyd, sien. So dit raak net, hou my so senuweeagtig, en hou jou dan op die rand die heeltyd, totdat dit 'n punt bereik het . . .

34 En dis wat veroorsaak het dat die broers die doktrine laat begin het, dat ek die geïnkarneerde Here Jesus Christus is. En ons weet dat dit net die Bediening heeltemal aan flarde sou skeur, en smaad sou bring op Christus en alles. Sien? So, dis hoekom ek hulle 'n groot skrobbering gegee het, om dit onmiddellik te stop, om hulle te laat verstaan dat dit nie van God is nie, dat dit van die duiwel was. Sien? En hulle is goeie mense. En dit wys dat daardie mense wedergebore is uit die Gees van God, want, toe hulle die Waarheid gesien het, volgens die Skrif, het hulle teruggekeer na God, presies, sien, onmiddellik. So, dit het gewys dit was Satan wat iets probeer doen het met die mense; hulle was almal goddelike, Christenmense.

35 En dit het baie van hulle vir my laat sê: "Broer Branham, ons het nou meer vertroue in jou as wat ons ooit gehad het."

36 Want, sien wat, met die gawe wat God my gegee het, wat kon ek daarmee gedoen het? Die volk aan my voete gegooi het, of, die mense. Wat ons *'n volk* noem, is nie "kosmos" hierbuite, die—die kanonvoer ensovoorts nie. Ek bedoel die Christene, die ware gelowige, dis die room van die . . . Ons praat van *volk*, preek ons van die "wedergebore mense," dis waarvan ons praat, die volk. Nie net almal hierbuite nie, dis so vuil en smerig wat ons in die wêreld lewe, dis net—dis net stof van die aarde wat terugkeer. Ek praat van wedergebore Christene, mense wat ware Christene is.

37 Ek wag vir 'n man om my weer te konfronteer oor iets. Iemand het na my toe gekom nie lank gelede nie, en gesê: "Die einste idee, van Christus wat op die grond spoeg, met Sy spoeg, en 'n koekie maak en dit oor iemand se oë smeer." Gesê: "Hoe vuil, smerig was dit, vir Hom om te spoeg, met spoeg uit Sy mond! Hoe onhigiënies was dit, om in die grond te spoeg, en modderkoekies te maak en dit oor 'n man se oë te sit."

Ek het gesê: "Maar hy het siende teruggekom." Sien, dis reg.

38 En daardie selfde man! Hulle het 'n nudiste kamp geopen daar langs my plek, julle weet, die swembad. En—en daardie man het 'n kaartjie gekry vir elkeen van sy kinders om soontoe te gaan en te swem in daardie swembad. En hy en sy vrou gaan, ook, in daardie swembad. Verskoon my, my susters. Maar waar daardie vroue daarin swem, omtrent 'n honderd van hulle, of twee, elke dag; vroue, al daardie gemors en dinge, en die vroue vandag, en rondwas in daardie water, daardie gemors en vullis in hulle monde, en dit insluk en uitspoeg. Ek wil net hê hy moet my konfronteer, sien.

39 Hulle het gesê: "As—as Christus vandag sou gelewe het, sou hulle Hom gearresteer het as gevolg van daardie onhigiëniese ding."

40 Wat *daarvan*? Ek is seker julle begryp wat ek bedoel. Hulle gaan reguit in daardie bad is, en baie van hulle met siektes, sifilisties, gonorea, en al die res, reg daarin. En dit net uitspoeg deur jou mond, en alles soos daardie, en was rond daarin soos daardie. En dis higiënies, natuurlik.

41 So, o, goeiste, hierdie dag waarin ons lewe, broer, suster! Dis tyd vir die Koms van die Here! En die Kerk het een hoop, en dis die Koms van die Here.

42 Wel, ek kan nie daardie dinge stop nie; dis nie nodig nie. Die Bybel het klaar voorspel hulle sou hier wees. Ek kan hulle nie stop nie. Maar ek wil my stem op rekord in die Hemel hê, dat ek daarteen was, wanneer die tyd vir die Oordeel aanbreek. Ek was daarteen.

43 Ek glo steeds dat hierdie Bybel die Woord van God is. Dan is daar niks anders in die wêreld, teenstrydig Daarmee, wat Dit ooit kan stop nie. Maar hierdie Bybel hier, dit is die Waarheid, dit is God's Woord. So, laat ons nou net ons—ons—ons seile intrek, en 'n rukkie anker aan die rustige oewer van die Rusoord. En—en ons kan môre iewers heen wegseil, maar laat ons nou net anker en luister na die Stem van ons Hemelse Vader soos Hy met ons sou praat deur Sy Woord, vertrou ons, vandag.

44 En vanaand, nou, maak julle enige vragie gereed wat julle mag hê daaroor. Nou, nie iets wat iemand sal skaad nie. As julle dit doen, dan's dit . . . Ek sou nie daardie een beantwoord, om mee te begin nie, sien. Maar julle, iets soos, sê: "Wel, nou, as ek 'n *sekere* ding doen, sê God dat ons dit moet doen?" Of, julle weet, vragies op julle harte. Of: "Ons het gawes wat ons vergesel, Broer Branham, en moet ons hulle op *hierdie* manier of *daardie* manier laat werk? Of, wat moet ons doen?" Iets wat ek julle kan terug antwoord in die Skrif, julle sien. Skryf 'n ietsie uit. Ek sal bly wees. En as daar niks is nie, dan sal ek net 'n onderwerp neem van 'n aard, en vanaand vir julle preek, as die Here wil. Dit is Sondag, en ek is . . .

45 Verlede Sondag het ek begin oorgaan na Broer Cauble s'n. En ek het hierdie kerkklok hoor lui, en ek het net op-en-af op die werf geloop. Ek kon dit nie uithou nie. Dit was al. Ek het julle gehoor, so ek—ek—ek moes net kom.

46 So laat ons nou net ons hoofde buig en praat met ons Skepper, en dan in 'n woord van gebed. Het enigiemand 'n spesiale versoek? Steek net julle hande op, sê net: "Ek. . . Maak dit net bekend. God weet wat op jou hart is. Nou hou net jou versoek in gedagte.

47 Allerheiligste God, Wie die Hemel en aarde gemaak het deur die Woord van U mond, deur die gedagtes van U verstand. Ons kom in U Teenwoordigheid in, deur Jesus Christus, ons Here, om U te bedank vir alles wat U vir ons gedoen het. En ons is so dankbaar teenoor U, Here, vanmôre, om te weet waar ons staan, om die posisie te ken waarin ons is vanmôre, en die geskiedenis van die tyd, en die toekoms wat kom. In die wete vandag, dat deur die genade van God, dat ons gewas is in die Gólgota se bloed, dat ons voorbereid is, met geloof in ons harte, om Hom te ontmoet as Hy vandag sou kom. Ons behoort te sê: "Ja, kom, Here Jesus."

48 En ons sien die sonde ophoop, totdat dit lyk asof die wêreld steier onder die impak van sonde. Hoedat drink en dobbel, en gefuif, en naaktheid, en, O God, die gemors, en vullis en smerigheid van die mense. En hoe hulle, as hulle net kan besef, Here! Daardie mense, wat so aantrek in daardie ongoddelike kleertjies, en daar uitgaan op die straat, besef hulle dat hulle niks anders is as goggas en stof nie, dat miskien binne nog 'n week, die goggas daardie liggaam sal eet, wat hulle so verheerlik? Besef hulle dat die kankerwurms dit sal verteer? En hulle siele oorkant in 'n Ewigheid sonder God sal wees, sonder Christus, sonder 'n hoop, wat sink in diepe wanhoop, om eenvoudig vernietig te word by Sy Koms. O God, gee ons stemme van—van waarskuwing, dat ons elke siel mag waarsku van hierdie gevaar wat hulle nader.

49 Wees met ons vandag. Gee ons "woorde van wysheid," soos Salamo eenkeer gesê het in die Spreuke, dat ons "wyse bouers" sal wees, dat ons die "herders van hierdie gemeente" sal wees. En ons bid, Here, dat soos ons woorde uitsoek om te sê, dat hulle sal wees—hulle sal wees meesterstukke wat die hart sal tref wat so behoeftig is hier vanmôre.

50 Ons het nie gekom en vergader onder hierdie warm dak vandag, net om gesien te word nie, maar ons het hiernatoe gekom omdat ons lief is vir U, en omdat ons verlang om van U te hoor. U is ons Minnaar wat ons liefhet, en ons verlang om Woorde van U te hoor. Ons is dankbaar vir wat ons alreeds gehoor het. Dit sal lank by ons bly. Nou gee vir ons die porsie wat U vandag vir ons het, soos ons verder op U wag. Ons vra dit in Jesus se Naam, en om Sy ontwil. Amen.

51 Nou dis. . . [’n Suster praat in ’n ander taal. ’n Broer gee ’n uitleg—Red.]

52 Ons is dankbaar vir hierdie uitinge van die Gees, hulle sê vir ons en waarsku ons om te let op die Woorde wat die Heilige Gees miskien tot ons sal spreek vandag. En ons weet net nie wat ons te wagte kan wees van Hom vandag nie, maar ons weet wel dat daar iets moet wees wat Hy gaan voortbring. Miskien is daar ’n vraag in jou gemoed, wat Hy dit daardeur sal spreek. Hy mag dit deur die Boodskap spreek vanmôre. Hy mag dit vanaand by die diens spreek. Hy, iewers deur vandag, probeer Hy, blykbaar, iemand waarsku om die Woorde te snap.

53 Nou om te wend na die geskrewe Woord, laat ons oorgaan in die Boek van Eksódus, vir die Sondagskoolles.

54 Het julle ’n doopdiens? [Broer Neville sê: “Nee, nie voor sesuur vanaand nie.”—Red.] Nee. Die doopdiens om sesuur vanmiddag.

55 Laat ons gaan na die 17de hoofstuk van Eksódus, en begin met die—met die 5de vers, glo ek, 5de en 6de verse van die 17de hoofstuk van Eksódus.

> *En die* HERE *het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg.*
>
> *Kyk, Ek sal . . . voor jou op die rots op Horeb staan; dan moet . . . die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel.*

56 Nou as ek dit ’n Sondagskoolteksie kan noem, wil ek graag dit as ’n onderwerp neem vir vanmôre se les, *Die Altyd-Teenwoordige Water Uit Die Rots*.

57 Ons weet dat Israel altyd ’n historiese voorbeeld van die kerk was. Want, Israel was die volk van God totdat hulle uit Egipte uitgekom het, en toe was hulle die kerk van God, omdat hulle afgesonder was van die res van die wêreld.

58 En wanneer ons afgesonder is van die res van die wêreld, dan word ons die kerk. Maar solank ons verstrengel is met die res van die wêreld, dan is ons nie in die kerk nie. Nou, ek vertrou dat dit baie diep ingaan, sy plek tref. Sien, ons is nie die kerk voordat ons afgesonder is van die wêreld nie. Sonder onsself af, kom uit onder die onrein mense uit, werk nie saam met hulle nie, en wees nie deelgenote van hulle sondes nie. Trek nie in dieselfde juk saam met ongelowiges nie, maar sonder julleself af van die dinge van die wêreld.

59 En toe Israel in Egipte was, was hulle die volk van God. Toe, toe hulle uitgeroep is, of die eksódus, die uitkoms, gehad het,

toe is hulle die kerk genoem, want dit was toe dat hulle hulleself afgesonder het van die res van die wêreld.

60 En die einste woord *kerk* beteken "uitverkore." *Eksódus*, "kom uit." Elkeen van ons, as Christene, het 'n eksódus in ons lewens gehad. Ons het 'n tyd gehad waar ons uitgeroep is onder ons metgeselle, uitgeroep is onder die mense waarmee ons eers geassosieer het, en 'n ander volk geword het, om te wandel saam met 'n ander volk wat anders opgetree het en op 'n ander manier gepraat het. Dit was 'n eksódus in ons lewe.

61 Baie goeie voorbeeld het Israel vir ons gegee, van toe God hulle uitgeroep het. Hulle het 'n eksódus gehad, en het uitgekom onder die—die volke van die wêreld, en 'n afgesonderde volk geword, vir God, 'n vreemde volk. Hulle het gewandel onder die skadu van die genadetroon. Hulle het gelewe en gewandel langs die groot Vuurkolom. En God het hulle uit Egipte uitgebring, na die land wat Hy belowe het.

62 En, in hierdie eksódus, is vir hulle 'n geestelike leier gegee, 'n leier, wat Moses was, 'n groot gesalfde profeet wat 'n—'n groot man was. Hy was 'n goddelike man, hy is gebore as 'n goddelike man. God het hom uit sy moeder geroep, selfs voor daardie tyd; God het hom verordineer voor die grondlegging van die wêreld, om 'n leier te wees vir daardie geslag, om hierdie eksódus vir die mense te bring.

63 Hier 'n tyd gelede, het ek met die kindertjies hier gepraat in die tabernakel, en 'n prekie vir hulle gehad; en vertel, of 'n illustrasietjie gegee van hoe Jógebed, hoe sy gebid het, sy en Amram, die vader van Moses, oor om iets te doen om die volk te verlos. En Amram het die gesig gesien van God wat staan, of 'n Engel, wat wys na die noorde, en vir hom gesê wat sou gebeur. En die klein Moses is gebore. En hulle het nie die gebooie van die koning gevrees, of die dreigemente nie. Hulle het geweet dat God Sy hand op Moses gehad het, en dit het dit afgehandel. Dis reg. Maak nie saak wat die koning gesê het, wat die politieke wêreld gesê het, wat enigiets anders gesê het nie, hulle het geweet God het Sy hand op Moses gehad. So hulle was nie bang om hom los te laat, reg in die midde van die krokodille nie; wanneer hulle net almal vet was van Hebreeuse kindertjies, waar hulle hulle daarbuite vir die krokodille gevoer het. En tog is Moses reg in 'n arkie geplaas en reguit onder die krokodille ingestuur, reguit onder hulle in. Want, hulle het niks gevrees nie, hulle het geweet dat God sy hand op Moses gehad het.

64 Wel, nou, as ons net daardie selfde ding kon weet, dat ons groot Leier, die Heilige Gees, God Hom gestuur het. En Hy's ons Leier. En maak nie saak wat die wêreld sê, en hoeveel hulle vir jou lag en jou bespot nie, ons volg ons Leier! God het die Heilige Gees gestuur om ons Leier te wees. Sien? "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie. Maar julle sal My sien, want Ek sal

met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." So, ons groot Leier is met ons, die Heilige Gees. Nou ons moet hierdie Leier volg en net doen wat Hy sê om te doen. En hierdie Leier sal ons nooit van die pad af neem nie, Hy sal ons reg in die pad hou van die Skrif, die heeltyd. Maar Hy sal nooit na *een* kant gaan vir iets, en na *hierdie* kant vir iets nie. Hy sal net reguit in die pad bly van die Skrifte.

65 En Moses het 'n rigting gehad waarin hy Israel moes neem, en hulle oor die Skelfsee neem, regoor Jordaan, reg in die beloofde land is, reguit uit deur die woestyn. Dit was nie Moses wat van koers af gegaan het nie. Dit was nie God wat van koers af was nie. Dit was die mense wat van koers af was, wat die moeilikheid veroorsaak het. So, laat ons nou aan die dinge dink. (Verskoon my.)

66 Moses, as 'n gesalfde leier. Uiteindelik, toe hy vir die volk gewys het, deur tekens en wonders, wat God alleen kon doen, hy het hierdie tekens en wonders gedoen voor die oudstes van Israel, en voor Israel, totdat hulle tevrede was dat hierdie Moses die gesalfde was, wat hulle uit hierdie land moes neem, na daardie goeie land wat hulle belowe is. Toe, toe hulle die groot dinge gesien het wat Moses gedoen het in die naam van God, was hulle gewillig om hom te volg. En hy het hulle uitgeneem, en hulle deur die Skelfsee gelei, oorgegaan, was op droë grond. En in die woestynreis, wat die tyd van beproewings beteken.

67 Wanneer 'n kêrel Christus as sy Verlosser ontvang, is alles rooskleurig. Maar, voor hierdie man in die doop van die Heilige Gees kan inkom; hierdie persoon, moet hy eers 'n heiligmakingsproses hê. Hy moet 'n beproewingstyd in sy lewe hê. Almal van julle het dit gehad. Hy het hierdie beproewingstyd gehad. "Elke seun wat na God toe kom, word eers gekasty, getugtig, gelouter. En as ons nie tugtiging kan verduur nie, dan wys dit ons is nie kinders van God nie; ons is onegtes, en nie kinders van God nie," het die Bybel gesê. Maar as ons die tugtiging kan verduur, in die wete dat "alle dinge ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet," dan is ons seuns en dogters van God, dan verseël Hy ons met die Heilige Gees tot die dag van ons verlossing. Sien, dis die tugtiging, die spanning, die ding waardeur ons gaan.

En Israel, as 'n historiese tipe, moes hierdie tugtiging verduur.

68 Nou, toe hulle onder in Egipte was, en God Moses gestuur het. En hy het die staf uitgestrek, en vlooie en luise het op die grond verskyn. Hy het uitgestrek na die son, en dit het ondergegaan. Hy het dit oor die waters uitgestrek, en hulle het in bloed verander. Wel, Israel was oorkant in Kanaän se . . . oorkant in—in Gosen, net 'n wonderlike tyd gehad; die son het nooit

ondergegaan nie, die plae het hulle nooit getref nie; wel, hulle het net 'n wonderlike tyd gehad!

69 Net soos jy gehad het toe jy pas gered was. Alles, die voëls het anders gesing, en almal was lieflik. En, o, goeiste, hoe alles net wonderlik was toe jy pas gered was! Toe het die beproewingstyd gekom, die tugtiging, heiligmakingstyd, jouself reinig van die dinge van die wêreld: "die laste aflê wat jou so maklik omring." Jy, 'n man, moes ophou rook, ophou drink, ophou na die potspelkamer, jou heelnag-kaartpartytjies gaan. Al daardie dinge, jy moes jouself reinig van hulle, deur die geloof in die Bloed van Jesus Christus. Jouself reinig! Julle vroue moes julle hare laat groei, julle rokke langer maak, en anders optree as wat julle was. Heiligmakingstyd! Baiekeer sou hulle rebelleer en teruggaan; wel, dis nie 'n kind van God nie, sien. 'n Kind van God kyk reguit na Gólgota, en weet dat dit vir sý beswil is.

70 So dan, daardie tydsproses, dis waar die groot wegval gekom het, in Israel. Toe hierdie groot indringingstyd, toe het die mense begin wegval, van een kant na die ander. Toe, in hulle gesprekke: "Wel, ons wens ons was weer terug in Egipte. Ons siele haat hierdie ligte brood." Met ander woorde, as ek dit nou histories sou neem, dis wat hulle gesê het.

71 Nou in hierdie moderne dag, sou dit wees: "O, elke Woensdagaand, biduur! Elke Sondagoggend, terug kerk toe! Wat hoor ons? Dieselfde ding; die prediker staan op en preek; liedere; gaan weer terug." Sien, dan gaan jy net uit 'n pligsbesef. Jy's nie 'n aanbidder nie. 'n Aanbidder gaan soontoe om te aanbid, om aan homself uiting te gee voor sy God, om God te loof vir Sy goedheid; vir elke Woord, hy hou Daaraan vas.

72 Net soos 'n liefdesverhouding. As jy uitgegaan het met 'n meisie omdat jy geweet het dit was 'n plig, of jy gaan uit met 'n seun, toe jy jonk was. "Mamma wil hê ek moet met hierdie kêrel uitgaan, maar ek kan hom net nie verdra nie." Jy kry niks daaruit wanneer hy vir jou kom kuier nie. Of, as dit net so is vir die meisie met die kêrel, of kêrel met die meisie. Jy gaan saam met haar, sy verveel jou; mamma wil hê jy moet met haar uitgaan, omdat sy die soort meisie is waarvan mamma hou. Sien, dit verveel jou; geen liefdesverhouding nie. Maar jy gee nie om nie, jy wil nie opknap nie, jy wil nie by haar gaan kuier nie. En dis 'n. . . Wel, dis 'n verskriklike ding. En wanneer hy by jou kom kuier, goeiste, wens jy net hy wil opskud, huis toe gaan.

73 Dis net soos dit is wanneer jy: "Waarom preek hy so lank? Wat van al *hierdie* goed, en alles?" Sien, jy's nie verlief nie.

74 Maar wanneer jy regtig aan elke Woord vashou, soos die Gees julle vanmôre gewaarsku het, sien: "Hou vas aan elke Woord." Dit mag wees waaroor Hy met julle gepraat het. Vashou! Dis Ewige Lewe, elke Woord van God. Dis 'n vreugde om kerk toe te gaan, onder enige omstandigheid. Of dit warm, koud,

middelmatig is, of die mense baklei, grom, wat hulle ook al doen, dis steeds 'n vreugde om die Woord van die Here te hoor. Dan is jy verlief op Christus, sien, jy hou daarvan om kerk toe te gaan.

75 "Wel, skat, hier is dit weer Sondagoggend, ek reken ons sal die kinders moet was en soontoe gaan. Goeiste, dis vervelig!" Sien, jy's nie verlief nie.

76 Maar as jy regtig verlief is, kan jy net nie wag tot Sondagoggend kom nie, jy moet net daaronder kom by hulle. En ons kry, en om weg te gaan. . . Die mense van God, hulle verveel jou nie. Wel, hulle is—hulle is broers en susters. Soos ek altyd gesê het: "Jy word so dik soos Sorghummolasse op 'n koue oggend." Dit—dit loop nie, dit bly net bymekaar, julle weet, kleef vas. Nou, dis 'n kru opmerking, maar dis—dit—dis om julle te laat weet wat ek bedoel, julle sien. Julle bly bymekaar. En hoe kouer dit word, hoe vaster kleef hulle. En dis hoe dit behoort te wees met ons. Hoe kouer. . .

As die aardse vriende verlaat het,
Steeds nouer aan Hom kleef.

77 En wat ons mekaar liefhet, is nie omdat ons iemand is nie; maar dis die Christus in mekaar, wat ons liefhet, julle sien. Dis die God wat in ons wesens is, wat ons liefhet. Nou ons hou daarvan om bymekaar te kom. Ons het altyd die ou lied gesing:

Geseënd is die band wat bind
Ons harte in Christenliefde;
Die gemeenskap van sielsgenote
Is soos dié van Bo.

Sien, die gemeenskap van sielsgenote is soos dié van Bo.

Voor ons Vader se troon,
Stort ons ons gebede uit;
Ons vrees, ons hoop, ons doel is een,
Ons troos en ons nood.

78 Sien? Ja, meneer! Wanneer een 'n seën ontvang het, is ons almal bly daaroor. Wanneer een bedroef is, is ons almal bedroef saam met hom. Ons, ons wil almal bymekaar wees. Nou, dis hoe ons veronderstel is om te wees.

79 En dis hoe Israel veronderstel was om te wees. Maar dit het swaar geword: "O, hierdie ou ligte brood, Engelebrood! Wel, wat gee ons om vir hierdie ou ligte brood? Ons siele haat hierdie goed! En alles is verkeerd. En—en hierdie ou manna wat elke nag uitval, wel, ons wil liewer bietjie knoffel en prei van Egipte hê." Julle sien, hulle harte was nie gereed vir die reis nie.

80 En wanneer 'n man of 'n vrou begin kla oor kerk toe gaan, hulle so moeg word van kerk toe gaan, is hulle nie gereed vir die reis nie. Dis reg. Daar is êrens iets verkeerd.

81 O, wanneer jy God liefhet, en dink jy gaan Hemel toe, en almal van julle gaan saam!

Wat 'n gemeenskap, wat 'n godsvreugd,
Leun nou op die ewige Arm;
O, watter soete vrede met my Heer naby,
Leun nou op Sy ewige Arm.

Wat 'n . . . Ons sing daardie liedere.

Ons deel ons selfde smart,
Ons selfde laste dra;
En dikwels vloei daar vir mekaar
'n Simpatieke traan.

Wanneer ons skei van mekaar,
Gee dit ons diepe pyn;
Maar ons sal steeds in hart verbind wees,
En hoop om weer te ontmoet by die volgende biduurtyd. (Ja, meneer, steeds in hart verbind!)

82 Nou raak jy gereed vir die reis, sien, jy raak gereed om in die beloofde Land in te gaan. Die beproewingstye, daar's die gevaarlike grond; die woestyn, die beproewingstye.

83 Israel, in haar beproewingstyd, het sy begin stry en baklei met mekaar, en gewalg aan die brood. En hulle wou teruggaan na Egipte.

84 En toe het hulle begin kla oor hulle leier. O, hulle was bang dat hy hulle op 'n dwaalspoor lei; nadat hy homself gewys het as 'n leier, en God bewys het hy was die leier. "Wel, miskien het ons 'n bietjie fanaties opgetree. En—en miskien het ons weggespring, heeltemal op die verkeerde voet." Of, so-iets, sien. Hulle het gepraat teen God en teen Moses, God en Sy leier.

85 Nou, wanneer ons 'n punt bereik, sê: "Ek weet nie of die Woord *Dit* beteken, of nie. En ek weet nie omtrent die Heilige Gees nie; ek's 'n bietjie skepties Daaroor. Ek ken ander wat nie is nie." Wel, gaan voort na Egipte toe. Sien?

86 Maar as jy werklik vasbeslote is om op die pad te bly, bly reguit by hierdie Leier, die Heilige Gees, bly reg by die Woord. En as jy by die Gees bly, sal Dit jou in die Woord hou. Dis reg. Dit sal jou reguit af met die lyn langs neem, op die pad van die Woord. En moenie bang wees Daarvoor nie. Dit sal niks seermaak nie, Dit sal jou net help as jy seergekry het. Dit sal al die seerkry genees, sal die Heilige Gees.

87 Nou vind ons uit dat, langs hierdie pad, nadat hulle so geword het, het hulle by 'n plek van Horeb gekom. En H-o-r-e-b, Horeb, dan vind ons uit . . . Laat ons daardie naam afbreek. Dis waar die—die naam *Horeb* beteken 'n "droë plek" of 'n "woestyn."

88 En wanneer ons buite gemeenskap raak met mekaar in die kerk, en buite gemeenskap met die Heilige Gees, bring dit ons by 'n droë plek, 'n woestyn, niks lewendig nie, alles het stekels

daaraan. Sien, 'n—'n woestyn, 'n stukkie kaktus met daardie stekel aan. Weet julle wat dit is? Dis 'n kosbare sagte blaartjie wat geen water gehad het nie, dit het net homself so styf opgerol, totdat dit 'n stekel is. En wanneer julle so-iemand sien, is dit miskien 'n kosbare siel wat reg benat kon gewees het, 'n sagte blaartjie of iets kon gewees het. Maar in plaas daarvan het dit ditself so opgerol totdat dit 'n stekel is, wat net na alles slaan, julle weet, fout vind. Enigste ding wat dit net nodig het, is net water. Dis al. Dit het net—dit het net 'n—'n herlewing nodig, of 'n opbreek, 'n verfrissing van die Here. Dit—dit sal homself oopvou, as jy dit net in die water sit.

89 Maar, dis waar hulle wat in daardie plek woon, moet ly aan die toestande van daardie plek. En diegene wat begeer om in daardie soort atmosfeer te lewe, van waar alles net slaan en stry, en baklei en veg soos daardie, wel, sal jy net onder daardie atmosfeer lewe, dis al. Maar ons hoef nie daar te lewe nie, dis nie nodig vir ons om daar te bly nie.

90 Nou, hierdie Horeb was die plek waar God moedeloos was met die mense, omdat hulle in die plek ingedwaal het en in hierdie toestand beland het. En Hy het hulle reguit omgebring soontoe, omdat hulle nie in die pad wou wandel nie. Hulle het van die—die hoofweg afgedwaal, het afgedwaal oorkant op hierdie sypad. En toe het dit God iets laat doen wat fantasties was. Hy . . . Het God vir Moses die oordeelstaf laat neem, waarmee Hy die volk geoordeel het, en die Rots slaan, om water voort te bring.

91 Nou, daar's 'n pragtige les hier as ons dit net kan kry, sien. En omdat ons so van koers afgaan, en wêreldgebonde raak, en dinge, het dit God die oordele van die wêreld laat neem en Sy Eie Seun daarmee laat tref, by Gólgota, dat ons vry kon gaan. Sien julle wat ek bedoel?

92 Nou, om die mense by die water te kry, nadat hulle daar oorkant gekom het, is hierdie droë plek 'n Gólgota gemaak. En daar het God vir Moses gesê, Hy het gesê: "Neem die staf en die oudstes, en gaan uit, en Ek sal op die Rots staan voor jou." En hierdie Rots was Christus. En Moses, met die staf waarmee hy oordeel oor die volk van Israel gebring het, het hierdie selfde staf geneem en die oordele van God op die Rots geslaan. Sien? Hy het die sondes van die mense op hierdie staf geneem. Wat, hy moes die volk geslaan het. In plaas van om die volk te slaan, het hy die Rots geslaan. En die Rots, deur 'n werk van God, het verlossing gebring, het water vir 'n sterwende volk gebring. Dit het lewe vir 'n sterwende volk gebring. En dis wat God gedoen het deur Sy—Sy staf te neem van 'n oordeelstaf, en my sondes en jou sondes om hierdie staf te draai; wanneer dit ons moes tref, maar dit het Christus getref; dat *waters* uit Hom uitgekom het, wat "Gees" beteken, die Heilige Gees het uit Hom uitgekom, om ons Lewe te gee. Nou het ons Ewige Lewe. Nou, daardie Rots was Christus. Nou wil ons oplet.

93 Ek het soveel intellektuele sketse gesien van hierdie Rots. Ek het een van die kritiestes gesien, nie lank gelede nie, tot daar 'n—'n rotsie gelê het bo-op 'n heuwel. En—en Moses was veronderstel om hierdie rots te slaan, en Israel was daaronder met 'n teekoppie, wat vir hulle water gekry het uit 'n sprinkelinkie wat uit hierdie rots uitgeval het. Nou dit is net iemand se idee.

94 Maar toe hierdie Rots Sy waters voortgebring het, was daar meer as tweemiljoen mense, behalwe osse, kamele, en al die res, wat in komme water Daaruit gedrink het. Dit was 'n spuitstroom wat daar uitgekom het!

95 Dis hoe hulle Christus probeer maak, die Heilige Gees vandag. "Dis net 'n sprinkeltjie." Sien, net genoeg om jou te laat glo daar is 'n God. Nee.

96 Dis 'n oorvloed van Water! Dawid het gesê: "My beker loop oor!" Dis net 'n spuitbron van die Heilige Gees.

97 Mense is bang Daarvoor. Party mense sê: "Wel, ek's net 'n bietjie bang ek sal *dit*, of *da*t doen, of as ek miskien 'n bietjie te diep gaan. Ek kan jou iemand wys wat te ver gegaan het." Maar jy wys nooit na daardie een wat nie ver genoeg gegaan het nie. Sien? Ja, wat van diegene wat nie ver genoeg gegaan het nie?

98 Nou, ons het party mense gehad wat in die vlees beland het, en op die verkeerde voet beland het. En—en nie God nie, maar die mense het. . . As gevolg van nie goeie leierskap nie, ensovoorts, het hulle op die verkeerde voet laat beland, en hulle het in fanatisme ingegaan. En dan wys die hele wêreld, die duiwel, na hulle: "Kyk daar! Kyk daar!"

99 Wel, laat my vanmôre staan en wys na hierdie tiene van miljoene kere meer, wat nooit eers 'n begin gemaak het nie. Wat van hulle? Sien, kyk na hulle toestand. Kyk na iemand soos Eichmann vandag, met die hoogste. Hulle sê: "Die pinksters is oneties en kru, en hulle is nie geleerd nie," ensovoorts soos daardie. Kyk na Eichmann, een van die hoogsgeleerde manne in die wêreld. En hy het doodgemaak, sesmiljoen kinders en vroue en mans, sesmiljoen siele. Julle wil nie wys na iemand soos daardie nie.

100 Maar een of ander kêreltjie wat nie kwalik kan lees nie, het miskien 'n naam in die Bybel verkeerd gesê, en, of miskien iets gesê of iets verkeerd gedoen, of 'n fout gemaak, dan wil die koerante dit oral opskryf, en sê: "Hulle moenie vertrou word nie."

101 Dan, as dit nie vertrou kan word nie, waarom nie geleerdheid nie, die dinge en intellektueles wat hulle vandag het? Kyk na Adolf Hitler. Kyk na die breine van die wêreld vandag. Kyk na hulle. Die ou gesegde: "Wat geld vir die een, geld ook vir die ander."

102 Die ding wat jy moet kan doen is om, deur die Heilige Gees, te onderskei wat reg en verkeerd is, en te neem wat reg en verkeerd is.

103 Nou, ons vind uit dat hierdie Gólgota wat hulle gehad het, en die waters van lewe het uitgespuit vir die mense.

104 Nou, party mense het op hulle harte en gemoed, dat die hele Israel gedrink het, en toe het hulle die kamele opgepak en hulle leisels vasgemaak aan hulle perde, ensovoorts, en hulle kinders geneem en voortgereis na elders, en die Rots daar gelaat het, aan die sprinkel. Dit is verkeerd.

105 Daardie Rots het hulle gevolg, en daardie water het hulle gevolg. Nou in Een Korinthiërs, die 10de hoofstuk, glo ek, en die 11de vers, kan julle dit vind, dat "Daardie Rots Israel gevolg het." Waar hulle ook al van daardie dag af gegaan het, het die Rots saam met hulle gegaan, en die water het hulle gevolg.

106 Wat 'n pragtige tipe, en 'n—'n pragtige vashouplek en 'n anker vir die gelowige vandag, wat weet dat daardie Rots wat eenmaal geslaan is, daardie Water wat eenmaal gevloei het uit Gólgota, saam met ons gaan, waar ons ook al is. O, Goeiste! Dis nie teruggaan na 'n sekere plek en sê: "Wel, ons het wel eergister Water daar oorkant gehad nie." Ons het Water vandag, net hier, want daardie Rots was Christus! En Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

107 Sien, daardie Rots het Israel gevolg. Hulle het nooit die Rots gevolg nie, maar die Rots het hulle gevolg. Amen. Israel het op hulle reis gegaan. Hulle het net een ding gehad om te doen, dis, bly op die reguit koers, net reguit die beloofde land in. En die Rots en die water het hulle gevolg.

. . . die *Rots* wat hulle *gevolg het*: . . .

Een Korinthiërs sê vir julle so, die 10de hoofstuk. Goed.

. . . *daardie Rots was Christus*.

108 God het die oordele van die volk geneem en hulle op Christus geplaas, en Hom geslaan. Het julle opgelet, daar was 'n skeur in die Rots, van toe af? Die Rots het 'n skeur daarin gehad, waar Moses geslaan het. En Christus het 'n skeur gehad, toe Hy geslaan is: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Uit daardie Lewe het die Waters van Lewe uitgekom, wat ons so geniet vandag!

109 Nou, om hierdie Lewe te kon kry, onthou, die Lewe van Christus bly by die Kerk. Halleluja! O, as ons ons gedagtes daar kon anker vir die volgende tien minute! Christus verlaat nie die Kerk nie. "Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld." Dis die mense wat Christus verlaat, nie Christus wat die mense verlaat nie. Die mense verlaat Dit, deur hulle ongeloof. Hulle verlaat Christus, nie Christus wat die mense verlaat nie.

110 Israel het die stroom verlaat, nie die stroom wat Israel verlaat nie. Sien? Want, die Bybel sê duidelik dat: "Die Rots en die water het Israel gevolg." Hulle gevolg! Waar hulle ook al gegaan het, het Dit ook gegaan.

111 O, ek sou wou, vanmôre, as ons die tyd gehad het, oorblaai na die 1ste hoofstuk van Josua, waar Hy gesê het: "Oral waar die sole van jou voete sal trap, het Ek vir jou gegee. Oral waar jy gaan, is die Here jou God met jou. Vrees geen mens nie. Wees vol moed! Net waar jy 'n tree gee, net daar is Ek met jou, maak nie saak waar dit is nie." God wat saam met Josua gaan!

112 Dieselfde God gaan saam met Sy Kerk vanmôre. Laat ons drink uit hierdie Fontein oorkant. Waar jy ook al 'n tree gee, net daar is waar God met jou sal wees, om water te gee en jou Lewe te gee. "Ek sal altyd met jou wees, tot aan die einde van die eeu." Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Die wette van God.

113 Nou sê julle: "Broer Branham, waarom is dit dan dat ons dan nie die dinge doen wat ons behoort te doen nie? Hoe is dit dat ons gawes en dinge in die kerk nie sy kleure wys, soos dit moet nie? Hoe is dit dat ons kerk nie oplig na die plek waar dit moet wees nie?" Die mense, in die beproewingstyd, val weg soos Israel het. Hulle dink dat God hulle verlaat het.

114 Maar, onthou, die Rots het Israel nooit verlaat nie. Israel het die Rots verlaat, dit het vergeet van die Rots wat altyd by hulle was. Dit was net daar, het reg saam met hulle gegaan tot die einde van die pad. "Dit het hulle gevolg." Dit was nie buite gespreksafstand nie. Dit was nie buite hoorafstand nie. Of, dit was nie buite sienafstand nie.

115 En ook is Christus nie! Met die Kerk vandag, is Hy nie buite gespreksafstand nie. Party van julle het teruggeval, en dit gedoen wat verkeerd is, en julle het daardie vreugde verloor, en julle Water is opgedroog. Hy's steeds binne gespreksafstand van jou. Hy volg jou. Hy weet van elke beweging wat jy maak en alles wat jy doen. Hy verlang om te hoor dat jy Hom op die toneel roep.

116 En hierdie groot pinksterbeweging vandag, God wag vir julle om Hom op die toneel te roep. Julle is nie buite gespreksafstand van Hom af nie. Hoewel ons verkeerd gedoen het, en gesondig het, en ons rûe op Hom gedraai het, en—en dinge gedoen het wat ons nie moes gedoen het nie, maar steeds is Hy met ons. Christus het gesê Hy sal met ons wees.

117 Die Bybel het gesê: "Die waters het die kinders van Israel gevolg." Toe hulle dors geword het, het hulle geweet die water is naby.

118 Nou, hierdie dinge word beheer deur wette. God se hele stelsel word onderhou deur wette. Nou sal ons neem . . . Laat ons 'n oomblik stop.

119 Laat ons die wêreld neem. Dit draai, elke vier-en-twintig ure, maak dit 'n volledige omwenteling, so volmaak. Dat, ons was nooit in staat, met al ons wetenskap, om 'n horlosie te maak om volmaak tyd te hou nie. Elke nou en dan, die beste horlosies wat hulle ooit maak, in die loop van 'n jaar, sal baie minute wen of verloor. Maar die wêreld faal nooit, dat sy nie net daar is op die sekonde nie. Dis so volmaak, dat die wetenskaplikes vandag, die astroloë, jou kan sê, in twintig jaar van nou af, of vyftig jaar van nou af, die son en maan net presies by mekaar sal verbygaan. Wanneer dit sy vier-en-twintig uur siklus voltooi, en sy tyd om die wentelbaan draai vir 'n seisoen, verloor dit nie 'n tik nie. Halleluja! Dis volmaak, want dit loop volgens die wet van God.

120 Hulle weet net presies wanneer die gety sal uitgaan, net tot die minuut, want hulle weet watter tyd die maan sak. En God het alles in orde geplaas volgens 'n wet. En wanneer daardie maan ondergaan, weg gaan die gety daarmee saam. Wanneer daardie maan opkom, hier kom die gety daarmee saam. En hulle weet presies, deur tydsberekening, wanneer daardie maan sal ondergaan. Hulle kan dit op 'n almanak kalender plaas vir jare vooruit, en vir jou sê, tot die minuut, wanneer daardie gety sal begin uitgaan. Sekerlik, want dis die manier waarop die maan uitgaan, want dit is in orde geplaas van God se wet.

121 Ek het gestaan, nou die dag, by Michigan Meer. En ek het oorgegaan na Superior Meer, op my pad na Kanada, daardie groot watermassa. En ek het daar gestaan, en ek het gedink: "Hoeveel myl is dit oor hierdie groot waterweg hier!" En toe nadat ek oor Mich-. . . of Superior Meer gegaan het, sou ek in Michigan inkom, amper dieselfde watermassa. En soontoe, van Superior Meer na Michigan Meer, van Michigan Meer na Ontario Meer, en net . . . en Huron, en al die mere tesame. Hoeveel biljoene maal biljoene maal biljoene, en ontelbare vate vars water lê in daardie meer!

122 En oorkant in Nevada, en in Arizona, New Mexico, Oostelike Kalifornië, lê miljoene akkers verdorde, brandende grond. Wat so vrugbaar soos daardie is, dat as daardie water ooit op daardie grond kon kom, kon hierdie volk die wêreld voed, sonder enige honger mense, en surplus hê om in die see te gooi. Dis reg! Die miljoene akkers wat tonne maal miljoene tonne van aartappels en kool en boontjies en—en blaarslaai, en radyse en seldery, en komkommers en wat nog, kon kweek. Die grond sou dit laat groei, dit—dit soek net na die water.

123 En hier is die water *hier*bo, en hier is die grond *hier*onder. Nou ons kan dit sien, en ons weet dit sal dit doen, want ons kan die water toets en sien dat dit vars is, en die grond toets en sien dis vrugbaar. Nou, al die wensdenkery wat ons kan doen, sal hulle nooit bymekaar bring nie. Maar, daar is 'n wet, en daardie wet is swaartekrag. Nou, as ons volgens swaartekrag sou werk, sou ons elke stukkie van daardie land kon benat, die water van

die mere af neem en dit benat. Maar ons moet volgens die wet van swaartekrag werk. Ons kan dit nie soontoe wens nie. Ons kan dit nie soontoe skree nie. Ons kon dit nie soontoe skel nie. Ons moet volgens die wette van swaartekrag werk, om dit daar te kry. God plaas alles in ’n wet.

124 Hier, ek het gedink, ek weet nie of ek dit ooit vir julle vertel het, of nie. Ek was onder in Kentucky, eekhoring gejag, saam met Broer Wood, omtrent ’n jaar gelede. En ons . . . Die eekhorings was soort van skaars, en so het ons oorgegaan na ’n kêrel se huis, om uit te vind oor jag. ’n Man het verskeie akkers grond gehad, en op hierdie grond was baie woude. Maar Broer Wood het my vertel, dat: “Die man is ’n heiden. Hy—hy’s ’n ongelowige.” So hy het gesê hy ken hom, so hy . . . of sy pa het hom geken, hy sou oorgaan en vra of ons toestemming kon kry om te gaan jag.

125 Ons het gery na die heer se plek. En hy en nog ’n man, albei van hulle in hulle sewentigs, hulle het onder ’n appelboom gesit. En Mnr. Wood het ingegaan na die man, en hy het vir hom gesê: “Kon ek ’n bietjie jag op jou plek?” En hy het gesê: “Wel,” het hy gesê: “goed.” Hy het gesê: “Watter Wood is jy? Is jy Jim Wood se seun?”

Hy het gesê: “Ek is.”

126 Hy het gesê: “Wel, ou Jim was eerlik, ensovoorts.” Hy het gesê: “Jy kan enige plek jag waar jy wil, op my plek. Ek het soveel honderd akker hier, help jouself. Gaan af in daardie leegtes, waar jy ook al wil. Maak net jouself tuis.”

127 Ek het in die motor gesit, omdat ek gedink het die prediker en die ongelowige sou nie goed wees bymekaar, as ons ’n guns van die ongelowige sou vra nie.

128 So toe na ’n rukkie, het Broer Wood gesê: “Wel, nou, kan ek my pastoor saam met my hê? Ek reken dit sou in die haak wees vir hom om saam te kom.”

129 En hierdie ou man het omgedraai op sy kierie, en hy het gesê: “Wood, wil jy vir my sê dat jy so laag gedaal het, dat jy ’n prediker saam met jou moet hê, oral waar jy gaan?”

130 En so dit, daarna, beter ek uit die motor uitklim. So ek het uit die motor uitgeklim, en met die ou heer gepraat vir ’n paar minute. En hy het my sommer vinnig laat weet dat hy nie veel nut vir predikers het nie, omdat hy dink hulle praat oor iets waarvan hulle niks weet nie.

131 Hy het gesê: “Hulle blêr net teen iets waarvan hulle niks weet nie. Wel,” het hy gesê: “wanneer ’n man met my praat, wil ek hê hy moet weet waarvan hy praat.” Nou, dis gesonde verstand. Dis gesonde verstand. Hy het gesê: “Nou, as ’n man met my praat, wil ek nie hê hy moet praat oor ’n iets, een of ander, verbeelding waarvan hy niks weet nie. Ek wil hê hy moet van iets praat wat

hy weet waarvan hy praat." Wel, ek het dit geëer. Ek het die ou heer gerespekteer daarvoor.

132 En so het ek gesê: "Wel, natuurlik, dis elke kêrel volgens sy eie opinie."

133 En hy het gesê: "Daar was een prediker wat hier gekom het na hierdie streek, 'n paar jaar gelede, wat 'n diens gehou het oorkant in Acton." En hy het gesê: "Hierdie prediker, een aand, as 'n vreemdeling in die streek, het vir 'n—'n dame gesê wat in die gehoor gesit het: 'Jy het 'n sakdoek in jou sak. En jy is Mev. *So-en-so*. En jy het 'n siek suster oorkant op die heuwel hier. Haar naam is *So-en-so*. Sy's sterwend, aan kanker in die maag.' En gesê: 'Neem hierdie sakdoek en lê dit op jou suster, en sê vir haar: "SO SPREEK DIE HERE, sy gaan nie sterf nie, maar lewe."'"

134 Hy het gesê: "Hierdie selfde vrou was 'n vriend van ons." En gesê: "Ons het hierdie vrou geneem. . . Hierdie sakdoek soontoe; of hierdie man, na die persoon." Eers het hy gesê: "Hierdie vrou, ek en my vrou was daarbo daardie oggend en het geneem, hierdie vrou bedien. En sy was so erg! Die dokters het haar opgegee, lank tevore. Sy was so erg, dat ons haar in 'n laken moes beweeg, haar moet oplig om haar op die bedpan te sit, haar terugneem. Haar draai in die laken, sy was so erg." Hy het gesê: "Een aand, daar oorkant, het daar 'n geluid gekom asof hulle iemand gehad het wat gesterf het."

135 Daar was Ben daar oorkant, met daardie sakdoek, wat dit soontoe geneem het. Ek glo dit was jy, was dit nie, Ben? [Broer Ben sê: "Amen. Amen."—Red.] Dit was Broer Ben daar oorkant, wat daardie sakdoek gekry het, want hy het die vrou soontoe geneem.

136 En gesê: "Die volgende oggend, het sy gebakte appelterte geëet." En gesê: "Sy doen nie net haar eie werk nie, maar sy doen die buurman se werk. Sy was so gesond!" Hy het gesê: "Nou, ek het dikwels gewonder. As ek ooit daardie prediker sien, hy het geweet waarvan hy praat," gesê: "ek—ek sou graag met hom wou praat."

137 Broer Wood het oorgekyk na my, en ek het oorgekyk na hom. Daar gestaan, vuil, en sweterig en smerig, het gekamp in die woude, en—en eekhorinkiebloed oraloor ons. En so het ek gesê: "Wel," het ek gesê, "is. . . Jy bedoel dat jy met die kêrel kon praat en hy vir jou kon vertel hoe hy dit gedoen het?"

Hy het gesê: "Ja, meneer, dis wat ek bedoel."

Ek het gesê: "Wel, dis—dis 'n goeie ding."

138 Ek het een van sy appels geëet. Klein ou geelskil het aan hulle gekom daar, julle weet, in die herfs van die jaar, in Augustus. So ek het hierdie appeltjie gehad, en ek het daaraan geëet. En ek het gesê: "Dis 'n baie lekker appel." Ek het gesê: "Hoe lank was daardie boom daar?"

139 "O," het hy gesê: "ek het daardie boom daar geplant, dertig of veertig jaar gelede, of so-iets."

140 "Ja, meneer." Ek het gesê: "Ek wil net graag vir jou 'n vraag vra." Ek het gesê: "Hoe op aarde. . . Ek sien daardie appels het van die boom afgeval, en sy blare val af, en hier is dit slegs in die middel van Augustus." En ek het gesê: "Ons het nog nie eens koue weer gehad nie, ons het nie eers 'n ryp of enigiets gehad nie, en tog val daardie blare van daardie boom af. Waarom is dit?"

Hy het gesê: "Die sap het die boom verlaat."

"O," het ek gesê: "waarnatoe het dit gegaan?"

Hy het gesê: "Onder in die wortels in."

En ek het gesê: "Hoe lank sal dit dan daaronder bly?"

Hy het gesê: "Tot die lente."

141 En ek het gesê: "Dan sal dit weer opkom, en vir jou nuwe blare opbring vir die koelte, nuwe appels om te eet."

Hy het gesê: "Dis reg. Presies reg."

142 Ek het gesê: "Wel, ek wil vir jou iets vra, meneer. Jy praat van hierdie kêrels wat nie weet waarvan hulle praat nie." Ek het gesê: "Kan jy vir my verduidelik watter Intelligensie laat daardie sap daardie boom verlaat? As dit daar gebly het deur die winter, sou die boom sterf. Jy sou die boom doodmaak. Die kiem van die lewe is in daardie sap." So ek het gesê: "Dit sou die boom doodmaak. Watter Intelligensie laat daardie sap uit daardie boom uitgaan, onder in die wortels in, en bly tot die lentetyd, en dan weer opkom en nog appels bring?" Ek het gesê: "Sit water in 'n emmer en sit dit op 'n paal, en kyk of dit, in Augustus, sal afgaan na die onderkant van die paal en weer opkom in die lente. Sien?" Ek het gesê: "Daar is 'n wet, daar is 'n wet van die natuur. Een of ander Intelligensie het hierdie wet in orde geplaas. Nie net dit nie, maar daardie selfde Intelligensie moet daardie wet laat werk, wat dit laat afgaan in die wortel van die boom, en terugkom."

Hy het gesê: "Ek het nog nooit daaraan gedink nie."

143 Ek het gesê: "Kan jy. . . As jy ooit die Intelligensie kan uitvind wat daardie sap laat uitgaan uit daardie boomtakke, onder na die wortels toe en weer opkom, dis dieselfde Intelligensie wat vir my gesê het daar oorkant daardie aand: 'Gaan, plaas daardie sakdoek op die vrou.'"

Hy het gesê: "En jy is daardie prediker?"

Ek het gesê: "Ja, meneer, dit is reg."

144 Verlede jaar was ek daar (hy het heengegaan), en toe het sy weduwee op die stoep gesit het, appels geskil het, van daardie selfde boom. Broer. . . Hulle wou ons eers wegjaag, hulle het nie geweet wie ons was nie. En ek het gegaan en haar vertel daarvan, dat ons toestemming van hom gehad het. En daarvan vertel,

gesê: "Hy het 'n volle belydenis van Christus gemaak voordat hy gesterf het."

145 Julle sien, wat laat daardie boom, watter Intelligensie laat dit afgaan? Dis 'n wet. Dis 'n wet wat God in orde geplaas het. En daardie wet is God se wet wat sal sorg vir die saak. Amen.

146 Julle weet, ek gee nie om hoeveel jy uitroep, en nou sê—sê: "Dit gaan nie, die son gaan nie meer skyn hierdie somer nie." Dit sal in elk geval skyn. Hoeveel jy gaan sê: "Ek—ek—ek gaan nie die nag laat kom nie." Dit sal in elk geval kom. Want die ding waarop ons woon, genaamd die wêreld, word beheer deur 'n wet van God.

147 Nou, broers en susters, ek wil vir julle iets vra. Dan, as ons wedergebore is uit die Gees van God! God het nie klein, swak deeltjies en groot, sterk dele nie, Hy's heeltemal God! En as jy genoeg van God in jou gehad het, totdat Dit net slegs 'n skadu was, is dit genoeg krag om 'n nuwe aarde te maak. Dis genoeg krag om 'n nuwe maan en 'n nuwe stelsel te maak. Dis God, en dis sterk! En reg nou het elke gelowige hierbinne Ewige Lewe, wat God se Gees in jou is; genoeg Krag wat die dooies sal oprig, wat die siekes sal genees, wat wentelbane in plek sal plaas. Maar julle, dit word beheer deur 'n wet, daardie Gees wat in julle is. Julle is seuns en dogters van God. Daardie selfde Gees wat jy in jou het, sal jouself oprig op die opstandingsdag.

148 Jesus, toe Hy hier op aarde was, toe Hy gesterf het, het Sy siel neergedaal na die Hel: "En het gepreek vir die geeste wat in die gevangenis was, die siele in gevangenskap, wat nie bekeer het in die lankmoedigheid in die dae van Noag nie." Sy liggaam het in die graf ingegaan. Maar voor Hy gesterf het, het Hy Sy Gees oorgegee in die hande van God. Sy Gees het na God toe gegaan; Sy siel het Hel toe gegaan; en Sy liggaam het na die graf gegaan. En Jesus was afgesper van opstanding totdat die Skrif vervul kon word. Hy kon nie terugkom nie, want Hy moes vir drie dae en nagte in die graf bly. Maar toe die Skrif heeltemal vervul is, is hierdie versperring weggeneem; Sy Gees het neergedaal na Sy siel, Sy siel na Sy liggaam, en Hy het weer opgestaan.

149 En wanneer ons sterf, sal ons siele onder die altaar van God gaan; waar ek bevoorreg was om te sien, 'n paar oggende gelede, soos julle weet, in die visioen, waarvan die Bybel praat. "Ons geeste sal na God toe gaan Wie dit gegee het, en ons liggame sal na die stof van die aarde terugkeer." Maar eendag, wanneer die Skrif vervul is, sal ons geeste losgelaat word van God, sal die siel optel, en die siel na die liggaam. En die Krag wat ons sal oprig, is reg in ons nou! Ons is nou in Hemelse plekke. Ons is nou in die Krag van die opstanding.

150 As daar nie 'n wet aan verbonde was nie, sou seuns en dogters van God vir hulle 'n wêreld hierbuite skep en 'n privaat lewe daarop gaan lei het. Jy het die Krag in jou om dit te doen. As jy

’n skadu van die Krag van God in jou het, het jy Krag om dit te doen. God is almagtig. Sien wat ek bedoel? Die Krag wat in jou is, sal maak. Jy kon ’n wêreld in ontstaan spreek en daarop gaan woon. Halleluja! Daar het julle dit.

151 Dis watter Krag nou in die Kerk is, maar dit word beheer deur ’n wet. En daardie wet is nie “’n klomp gebooies onderhou nie.” Dis ’n wet van geloof. Jesus het gesê: “Alle dinge is moonlik vir hulle wat glo.” En as jy dit kan glo, wat ook al God jou siel sal lei om te glo, dit is joune. Elke plek waarop jou voetsole kan trap, in geloof, gee God vir jou. Amen! Dis joune, jy besit dit, as jy die sleutel tot hierdie wet van geloof kan vind, wat dit vir jou oopmaak. Sien julle wat ek bedoel? Daardie krag word beheer deur . . . As jy ’n seun van God is, jy ’n dogter van God is, verlaat dit jou nooit. Dis die heeltyd met jou. Maar, jou geloof kom weg Daarvan, maar Dis steeds daar. Halleluja!

152 Wanneer jy gered word, gee God jou geloof om op te staan uit die gemors van die aarde. Jou geloof oorwin die dinge van die wêreld. Wat is jou geloof? Jou geloof in daardie werk wat God in jou gedoen het, om jou ’n seun van God te maak. Jy staak jou leuens, jy staak jou diefstal, jy staak jou drinkery, want jou geloof lig jou op bokant dit. Amen. As jy dit nie doen nie, het jy nie enige geloof nie. “En deur geloof word jy gered, en dit deur genade.”

153 Soveel as wat jou geloof vrygestel word, dis hoeveel Krag jy kan hê, want in jou woon die Krag om Hemele en aarde te maak. God woon in julle, en julle is seuns en dogters van God. Amen! Daar het julle dit. Maar, dis jou geloof. Jesus het gesê: “Volgens julle geloof, laat dit vir julle wees. As julle kan glo, is alle dinge moontlik. Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: ‘Word opgehef,’ en nie twyfel nie, maar glo dit wat julle gesê het.”

154 Watter soort mense behoort ons dan te wees, geloof te hê in hierdie groot verlossende Christus wat in ons woon, hierdie geslaande Rots wat die Kerk nooit verlaat nie? “Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld,” die altyd-Teenwoordigheid van die groot spuitbron van verlossing en Krag wat uitgestort het uit Gólgota in die Kerk, die altyd-Teenwoordigheid van die lewende God, die groot vloeïende, geslaande Rots wat saam met ons gaan op ons reis.

155 Israel het hulle geloof verloor. Hulle het van die pad afgegaan. Hulle het begin smag na die vleispotte. As hulle gebly het by geloof, en geglo het God sou hulle na die land toe neem, sou daar niks gewees het wat hulle gepla het nie. Hulle het alreeds seë oopgemaak, hulle het plae laat neerkom op hulle vyande, hulle het hulle vyande agter hulle gekruisig, en het oorgestap in die land, en kon steeds nie geloof hê om voort te gaan na die belofte nie.

156 Josua en Kaleb het daardie geloof gehad! Hulle het gesê: "Ons is meer as in staat om enigiets te oorwin wat voor ons sou kom."

157 Dis die probleem met die kerk. Ons kan elke siekte oorwin. Ons het die Krag in ons. Ons is seuns en dogters van God, niks kan voor ons staan nie. Enigste ding, Hy wil iemand vind wat dit sal glo, wat sal glo wat God alreeds vir jou gedoen het. Nie ons *gaan* wees nie; ons is nou! En die altyd-lewende Teenwoordigheid van die Gees is met ons. Amen! Daar het julle dit.

158 Dis wat ek bedoel toe ek vanmôre gepraat het oor die onderwerp, *Die Altyd-Teenwoordige Water Uit Die Rots*. Die altyd-teenwoordige Water uit die Rots is net hier nou, daardie altyd-teenwoordige Water uit daardie geslaande Rots by Gólgota. Toe daardie Heilige Gees uit Hom uitgekom het op Gólgota, het Dit teruggekom op die Kerk op die Pinksterdag, daardie selfde Heilige Gees is teenwoordig vanmôre. En Dit het vir ons 'n belofte gegee!

159 Dis die rede, uit te stap voor siek mense, toe Hy my opdrag gegee het oorkant, ek dit glo; God het so gesê! Dis hoe visioene plaasvind; God het dit belowe! God kan nie lieg nie.

160 Glo dit! Jy moet dit glo. Moet Iets daar wees, wat daardie demper oopmaak, daardie ding oopmaak om jou in te laat daarop. Wat ons nodig het vandag, is nie bid vir meer Krag nie. Jy het genoeg Krag om 'n nuwe aarde te maak. Wat jy nodig het, is geloof om daardie Krag te gebruik. Wat jy nodig het, is beheer daardie lewe, en lewe so 'n goddelike lewe, dat wanneer jy God enigiets vra, jy weet! Ons het vertroue in God, daarvoor. Ons weet, as ons Sy Gebooie onderhou, sal Hy geen goeie ding van ons weerhou, as ons wandel met Hom nie. God wat saam met ons wandel. O, goeiste!

161 Hulle het net een ding gehad om te doen. Hulle het net een ding gehad om te doen, dis, bly reguit op koers. Nie afdwaal *hier*natoe, en afdwaal *daar*natoe nie; maar op koers bly! Die Kerk het net een ding om te doen, op koers bly! Hulle het 'n Vuurkolom gehad, wat hulle gehad het, om hulleself op koers te hou deur daardie Vuurkolom te volg. Dis wat hulle gelei het. Hulle voorwerp wat hulle kon sien, was daardie Vuurkolom. Hulle het Dit gesien werk deur Moses, en hulle het geweet hy was die leier.

162 Vandag het ons die Woord. Ons volg die Woord. En ons sien die Woord werk in die gelowiges, en dan weet ons dis so. God wat saam met ons werk, die Woord bevestig met tekens wat volg! Ons bly by die Woord. Die Woord bring die resultate voort.

163 Hulle het by Moses gebly. Want, die Vuurkolom, Moses het Dit gevolg. En hulle het gevolg. Toe begin draai het teen Moses, en murmureer het teen God en teen Moses, het hulle begin

afdwaal na een kant toe en die ander. Probleme het ingekom. Sekerlik.

164 Ons bly by die Woord, en die Woord bring tekens voort. Jesus het gesê: "Vir hulle, wat die Woord glo, sal hierdie tekens volg." Sien, dit bly by die. . .Jy bly by die Woord, die Woord bring die tekens voort. Maar, Moses, wat het hy gedoen?

165 Hulle het afgedwaal, en wat het hulle gedoen? Afgedwaal van die pad, en hulle watervoorsiening verloor.

166 Ek dink dis wat die kerk vandag gedoen het. Dit het van die pad van die Skrif afgedwaal. Hulle het afgegaan op ismes. Hulle het afgegaan op dingetjies wat hulle nie behoort te doen nie. Hulle het dinge aangeneem. Hulle het dinge aangeneem, soos Apostoliese Geloofsbelydenis. Waar vind jy dit in die Bybel? Hulle het kategismes aangeneem, wat hulle lees. Hulle het denominasies aangeneem, in plaas van 'n ondervinding. Hulle het hande-skud aangeneem, in plaas van 'n wedergebore ondervinding. Hulle het besprinkeling aangeneem, in plaas van waterdoop. Hulle het 'n bose vorm aangeneem: "Vader, Seun, en Heilige Gees," waar daar glad nie so-iets in die Bybel is nie. Die Bybel het gesê: "In die Naam van Jesus Christus!" Daar's net een ding om te doen as jy daardie selfde Water wil hê, kom weer terug na die pad. Kom terug op die. . .Hy is nie weg nie; Hy's steeds hier. Julle neem geloofsbelydenisse in plaas van Christus. Julle dwaal af op driftighede.

167 Een het gesê: "Wel, ek's 'n Metodis." Die ander sê: "Ek's 'n Baptis." Dit wys dat jy dan nie 'n Christen is nie. Ons is Christus s'n! Ons behoort aan Hom. Jy sê: "Wel, as ek, 'n Baptis." As dit al is wat jy is, dan's jy niks van Christus nie, jy's 'n Baptis. Jy sê: "Wel, ek's Pinkster." As jy net pinkster deur denominasie is, is dit al wat jy is.

168 Maar, as jy die pinksterondervinding het! En die Pinksterwoord sal 'n pinksterondervinding voortbring! Volg dieselfde ding wat daardie dissipels gedoen het, bly daarbo, totdat jy gevul is met die Heilige Gees.

169 En dan, as wat jy kry, verskil met die Woord, daardie gees in jou teenstrydig is met wat die Woord sê, dan is dit nie die Heilige Gees nie. Dis die duiwel wat die Heilige Gees naboots. Sien julle waar ons beland het daarmee? O, party van ons het in tale gepraat, ons het uitroeptye gehad en sulke dinge, en al hierdie ander dinge ontken. Ons het alles, wat nie in die Skrif was nie, in die kerk toegelaat. Waar is ons vandag? Ons is terug in nog 'n woestyn, uitgedorde organisasie. Ons het georganiseer, en ons Water verloor. Dis presies wat Pinkster gedoen het. Toe dit begin het om te organiseer, het dit begin om gemeenskap te verbreek, en te sê: "Wel, nou sal ons nie assosieer, as daardie kêrel *dit* glo nie."

170 Gaan voort, bly by hom, totdat hy by die Woord van Waarheid uitkom, die kennis van die Waarheid. Wat dit ook al is, laat dit in elk geval gaan. Gaan net aan, wees soos broers.

171 Maar, o, ons moes organiseer, en sê: "Wel, omdat julle nie Eenheid is nie, omdat julle nie Tweeheid, of Drieheid, of so is *nie*, sal ons geen gemeenskap met julle hê nie." Dan, wanneer ons dit doen, wat doen ons? Ons bring onsself weer reguit terug na 'n woestyn. Dis reg!

172 Maar, onthou, toe Israel van die pad afgedwaal het, die koers na die beloofde land, het die Rots hulle nooit verlaat nie; Dit het net daar gebly, so ook die water. So is die Heilige Gees, bly ook net hier. Ons hoef nie terug te dwaal nie.

173 Nou, hier leer God vir ons 'n groot ding. God leer ons hier 'n les. Christus is een keer geslaan, vir ons 'n pinksterondervinding te gee, een keer, vir altyd. Nou, toe daardie Rots geslaan is, hoef Dit nie weer geslaan te word nie. Dit is net een keer geslaan.

174 Moses het 'n fout gemaak, deur Dit die tweede keer te slaan, wat die swakheid van sy geloof in die Versoening gewys het. Maar toe Christus een keer geslaan is, weet ons Hy sal nie weer geslaan hoef te word nie. Wel, wat het Moses gedoen? Moses het iets nuuts opgestel, 'n nuwe ding probeer maak.

175 En dis wat ons kerklikes vandag gedoen het. Hulle het iets nuuts probeer maak. "Ons sal vir onsself die Gemeentes van God maak. Ons sal vir onsself die Pinkster Kerk van God maak. Ons sal vir onsself die Algemene Raad maak. Ons sal vir onsself *dit*, *dat* of die *ander* maak." Dis nie wat God gedoen het nie. Dit was nie Sy idee nie.

176 Christus is een keer geslaan. Dis die oorspronklike ondervinding. Dis die oorspronklike manier. Op die Pinksterdag, het Petrus gesê: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus."

177 "Ons besprinkel in die naam van 'Vader, Seun, Heilige Gees,' gee allerhande geloofsbelydenisse en al die res Daaromtrent." Wanneer ons van die Woord af gaan, geen wonder ons kan nêrens kom nie. Sien?

178 God leer vir ons 'n les. Moses was nie veronderstel om te sê: "Nou, ons sal nou iets nuuts hier begin, en ons sal organiseer en ons sal die Katolieke kerk maak, nie." Dis die eerste ding wat hulle gedoen het. Nee, toe naderhand: "Wel, ons sal iets nuuts van daar af begin, ons sal die Lutherse begin." Toe het die Anglikaanse gekom, en toe die Baptis, en wat nog, en Cambelliete, en Kerk van Christus, en antichris, en alle ander dinge. Sien, hulle het almal begin gaan, een na die ander, een na die ander, denominasies en organisasies gemaak. Dit was nie dit nie. Sien daar wat hulle doen? Hulle slaan weer die Rots, om iets nuuts te begin. Ons het nie 'n nuwe doktrine nodig nie.

179 Elke mens in die Bybel is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Elke mens in die Bybel wat die Heilige Gees gekry het, het God's se manier gekom, presies op die manier wat God dit gedoen het. Hulle het dieselfde ding gedoen. Hulle het dieselfde ondervinding gehad. Dieselfde tekens het hulle gevolg. Dieselfde werke het hulle gevolg. Waarom? Hulle het gelewe deur die Rots. Hulle het dieselfde Water gekry.

180 En, vandag, die rede waarom ons soveel geloofsbelydenisse en denominasies het, is omdat ons iets nuuts begin. Ons het niks nuuts nodig nie. Gaan terug!

181 Moses was nie veronderstel om die Rots weer te slaan, iets nuuts te begin nie. Hy was veronderstel om met hulle te praat, van die oorspronklike Rots. O, ek hoop julle begryp dit! Moses was veronderstel om te praat van die oorspronklike, geslaande Rots; nie Dit weer probeer slaan nie, nie 'n nuwe ding probeer begin nie, maar te praat met die ou Ding!

182 God, help my! As ek as 'n armlastige sterf, op die preekstoel, sal ek praat van die oorspronklike Rots! Ek sal praat van die oorspronklike ondervinding. Ek sal praat van die oorspronklike Skrifte wat vir hulle die doop van die Heilige Gees gegee het: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Die altyd-Teenwoordigheid van die vloeiende Waters uit die Rots, is steeds met ons. Dit sal dieselfde ding voortbring. Dit sal visioene voortbring. Dit sal genesings voortbring. Dit sal profesieë voortbring. Dit sal elke ding voortbring wat hulle gedoen het.

183 Toe Israel weer opgelyn is terug in die Skrifte, en teruggekom het op die pad, het hulle voortgegaan na die beloofde land. Maar hulle het veertig jaar geneem.

184 Pinkster het al omtrent veertig of vyftig jaar rondgedwaal in die woestyn. Kom terug na die Rots! Dis in sig. Hier is dit, net hier op die Woord geskryf. Die Heilige Gees is hier en doen dieselfde ding wat Hy altyd het, so die altyd-Teenwoordigheid van die Water is hier. Kom net terug Daarnatoe, kom terug na die vorige, die oorspronklike. Hoe was dit in die oorspronklike?

185 "Wel, hulle het hand geskud met die prediker"? Glad nie so-iets nie. "Hulle is gedoop in die naam van 'Vader, Seun, Heilige Gees'"? Daar's glad nie so-iets nie. Daar is geen persone in die Bybel, enige plek, of (buite driehonderd jaar) buite die Bybel, wat ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," nie. Dis 'n Katolieke dogma, nie 'n Bybeldoktrine nie. Sien?

186 Hulle het die Heilige Gees gehad. Hierdie tekens het hulle, wat geglo het, gevolg. Dit sal dit weer doen vandag. Die Rots is net so altyd-lewend as wat dit ooit was, daardie geslaande Rots!

187 Laat ons nie sê: "Wel, kom jy oor en sluit by ons Pinksterkerk aan, kom in ons Pinkstersfere in," nie. "Nee, kom jy oor en

sluit aan by die Baptis, of die Metodis, of die Presbiteriaanse, of Katoliek." Wat is dit? Dit is weer die Rots slaan, probeer om iets nuuts te begin.

188 Sê vir hulle: "Bekeer, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus," tot die vergewing van hulle sondes: "en hierdie tekens sal hulle, wat glo, volg." Nou is jy terug op die pad, terug na dieselfde Water. Dieselfde Water sal dieselfde verfrissing gee. Dit sal dieselfde reiniging vir die liggaam gee. Dit sal dieselfde reinigingskrag gee. Dit sal dieselfde genesingskrag gee. Dit sal dieselfde ding doen wat dit toe het, as ons net sal terugkom na dieselfde Gees.

189 Lewe in 'n wingerdstok sal druiwe voortbring. As dit het verlede jaar, sal dit dieselfde ding bring vanjaar. Dis 'n wet van God. Die wet van God is dat, as dit 'n wingerdstok is, dit sal uitlos, dit druiwe sal voortbring. Jy kan dit verbaster met iets anders, maar los dit uit en dit sal weer reguit terugkom na dieselfde druiwe.

190 So het ons die kerk verbaster met Pinksterisme, met Baptisme, met Metodisme, met Presbiteriaanisme, met—met Anglikanisme, en elke ander soort van isme. Waarom los julle dit nie uit nie? Kom terug na die Wingerdstok, dit sal terugkom na dieselfde Krag. Amen! Amen! Ek hou daarvan.

191 "Begin iets nuuts." Dieselfde ding wat ons gedoen het. Nie. . . probeer ons gesag wys. "Doktor So-en-so is die stigter van die groot So-en-so kerk van die so-en-so." So, dit was nie dit nie.

192 Dis wat Moses gesê het: "Ek sal hulle wys wat ek kan doen. Ek sal dit in elk geval bring!" Hy het Dit geslaan, dit het nie gekom nie. Hy het weer geskree: "Wys wat ek kan doen!" God het met hom afgereken daarvoor.

193 Moet jy nie dink, as jy "net vashou aan 'n denominasie." God sal met jou afreken daarvoor. Dis presies reg. Jy moet terugkom na daardie oorspronklike. Kom terug.

194 Praat net met die mense. (Moenie vir hulle sê: "Kom sluit julle by ons kerk aan nie. Kom sê julle ons geloofsbelydenis op nie.") "Kom julle terug en bekeer, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sondes; en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, as julle hart reg is. En hierdie tekens sal die gelowiges volg. 'n Groep gelowiges, hierdie tekens sal hulle vergesel." Waarom? Die Rots, die geslaande Rots en Sy Waters van Lewe kom net uit, wat dieselfde ding voortbring wat Hy destyds daar gedoen het. Dit kan dit net nie verhelp nie. O, ja.

195 Ons wil afwys, en sê: "Ons is Metodis, en Baptis."

196 Praat net met die Rots, Hy's altyd-Teenwoordig. Moenie Daarby probeer aansluit nie. Ek het hieronder "aangesluit."

Moenie Daarby probeer aansluit nie. Jy kan nie Hierby aansluit nie, dis een ding wat seker is. Jy kan by die Metodiste aansluit, jy kan by die Baptiste aansluit, jy kan by die Pinksters aansluit, jy kan by die Anglikane aansluit, maar jy kan nie Hierby aansluit nie. Nee. Jy moet gevul wees Hiermee. Moenie Daarby aansluit nie; word net vervul Daarmee. Dis al. Dis vervul met wat? Vervul met Krag, vervul met die Gees, vervul met Lewe; vervul met vreugde, vrede, lankmoedigheid, sagmoedigheid, goedheid, Krag van die Heilige Gees in jou lewe, want die ewigdurende Teenwoordigheid is daar. Onthou.

Ek sal moet afsluit, want dit word laat.

197 Maar, onthou, daardie Rots het hulle nooit verlaat nie. Dit het hulle nooit verlaat nie. En Christus sal ons nooit verlaat nie; Christus het gesê: "Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld." Is dit reg? En daardie Rots het by hulle gebly die heelpad van Horeb na Nebo. Dit het. Af na die Jordaan, was Dit steeds daar. O God, ek wil Dit sien by die Jordaan!

198 Moses, toe hy by die Jordaan was, was die Rots die heelpad saam met hom. En hy het daarbo gestaan, afgekyk na 'n—'n klomp mense wat teruggeval en weggegaan het van God. Sy hart het uitgegaan na hulle. En hy het oor die Jordaan gekyk. Daar was hy by die Jordaan. Jordaan, geestelik, praat ek van. En daar het hy daar gestaan, die dood het in sy mou opgekruip. Maar hy het gekyk, daar langs sy sy het gelê, en daar het die Rots gelê. Hy het net oorgestap op die Rots, en die Engele het gekom, hom weggedra.

199 "Ek sal julle nooit begewe of julle verlaat nie." Maak nie saak hoe moeilik die tye word, hoe oud ons word, watter soort dood ons sterf nie, onthou, die Rots sal daar wees by die Jordaan. Dit sal nooit begewe of sal nooit verlaat nie. Onthou dit net. Die altyd-Teenwoordigheid van die Water uit die Rots sal saam met ons wees die heelpad deur die lewe, en selfs by die Jordaan.

200 Laat ons ons hoofde buig. ['n Broer in die gemeente gee 'n boodskap in profesie—Red.]

201 Terwyl daardie Gees onder ons beweeg, die Gees van God onder ons beweeg, sou daar diegene wees vanmôre wat Christus nie ken nie, en jy's—jy's nie naby aan daardie Rots nie, nie in gesprek Daarmee vanmôre nie? Maar jy weet Dis teenwoordig. Kyk hoe werk Dit oral, sien hoe Hy rondbeweeg, sien Dit beweeg oor die mense. Dis die altyd-Teenwoordigheid van die Water. Dis verlossing. Dis die Gees wat hulle bekers bring na 'n plek waar hulle nie langer kan stilbly nie, iets moet uitkom. En jy ken Hom nie, wil jy graag jou hand opsteek en sê: "Bid vir my, Broer Branham. Ek wil Hom nou ken. En ek wil met Hom praat, en ek wil Hom ken as die volheid van Sy Gees. Ek wil weet dat Hy reg langs my sy is, die heeltyd. Ek glo Hy is. Maar ek wil in

gesprek wees. En ek is dors, en ek honger na God. Ek wil Hom beter ken"?

202 God seën jou, meneer. En God seën jou, meneer. En jou, broer. Jou, ja, ver aan die agterkant. Hieronder, dame, ja. Ja, dame. Ons sien julle hande, en God sien hulle. God seën jou, jong man. God seën jou. En jou, dame. Amen. God seën jou. Seën jou, suster. Nog iemand nou, in die stil oomblik. God seën jou, ver daaragter, jong kêrel.

203 Dink daaraan. Dink daaraan, die altyd-Teenwoordigheid van die Water uit die Rots, daardie selfde Gees; wat Hy daar uitgeskree het by die oordeelsdag vir Hom, toe Hy ons oordeel geneem het. En God se woedestaf Hom getref het, en jou sondes was in daardie staf toegedraai, en het Hom getref, en Sy Bloed en water het uit Hom uitgestort. Hy het gesê: "Vader, in U hande gee Ek My Gees." En op die Pinksterdag, het Dit gekom om saam met ons te gaan deur die reis. En dis so naby nou.

204 Toe jy uitgegaan het, en ver weggedwaal het van die Huis; sê: "Here, ek kom Huis toe." Terwyl ons dit sing, as jy wil opstap na die altaar en hertoewyding doen, van jou siel ook, aan Christus? Amen.

Ver het ek weggedwaal van God, (van die pad af)
Nou kom ek huis toe;
Die pad van ongeloof (dis 'n sonde) te lank bewandel
Here, ek kom nou huis toe.

Huis toe kom, huis toe kom,
Om nooit weer te swerf;
Maak oop U arms van liefde,
Nou, Here, ek kom huis toe.

205 [Broer Branham hou aan neurie: "*Here, Ek Kom Huis Toe*"—Red.]

206 Drie seuntjies loop reguit uit, baie vinnig, trane in hulle oë, kniel langs die kant van die altaar. Natuurlik, is hulle vergewe. Hulle was vergewe voor hulle nog hulle sitplekke verlaat het, toe hulle hulle besluit geneem het. Hulle het net vorentoe gekom en hier neergekniel, om die mense te laat weet dat, aan wie se kant hulle is, hierin vanmôre.

207 Ek sou dink dat daar 'n paar ouer mense sou wees wat graag dit sou wou doen, net wil neerkniel, en sê: "Here, ek—ek het ver afgedwaal van die pad. Ek het soveel twyfel gehad, en partymaal het ek afgedwaal en in sonde beland. Nou wil ek—ek terugkom voor dit te laat is. God, ek—ek wil graag kom. Ek wil net graag kom en neerkniel." Amen.

208 Nou, Arthur Beam se drie dogtertjies, omtrent dieselfde grootte, hulle het opgekom, neergekniel.

209 Wat vorentoe kom is 'n dogtertjie wat pas vir haar 'n nuwe klein broertjie by die huis gekry het. Nou die dag het ek net gesit; Mev. Wood het gekom en my vertel, gesê die suster gaan na die hospitaal toe om 'n baba te kry. Die Heilige Gees het gesê: "Gaan sê vir hulle dit sal 'n seun wees." Toe dit gebore is, was dit 'n seuntjie.

210 Lyk of dit kinders is vanmôre, die kleintjies wat uit Suster Arnold se klassie uitkom, wat hulle lewens toewy. Die hele altaar aan my regterkant, is vol kindertjies. Dit sou goed wees as ons 'n lied kan sing, die altaar, vir die res van die mense, (sou dit nie?) volwassenes.

Nou, Here, ek kom huis toe.

211 [Broer Branham praat met die kinders by die altaar, onderwyl onderbroke sing: "*Here, Ek Kom Huis Toe*"—Red.]

Huis toe kom, huis toe kom,
Om nooit weer te swerf;
Maak oop U arms van liefde,
Nou, Here, ek kom huis toe.

Ek's moeg van sonde en afdwaal, Here,
Nou kom ek huis toe;
Ek sal U liefde vertrou, U Woord glo,
Nou kom ek huis toe.

Huis toe kom, huis toe kom,
Om nooit weer te swerf;
Maak oop U arms van liefde,
Nou, Here, ek kom huis toe.

212 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, vir gebed, vir hierdie kleintjies.

213 Hemelse Vader, as daar 'n toekomstige môre is, as Jesus sal vertoef vir nog tien of vyftien jaar, sal hierdie die seuns en dogters wees, wat hierdie Boodskap sal uitdra na die ander geslagte wat sal kom. Geen twyfel in my gemoed nie, Here, maar dat hulle die res van hulle lewens sal onthou om op te kom na hierdie altaar. En hulle is klein juweeltjies, Here. Hulle jong en sagte hartjies is veroordeel vanmôre. Nie eers die hele Boodskap gehoor nie; pas uit die kamer gekom, van luister na ons Suster Arnold wat praat; opbeweeg om die altaar hier, hulle lewetjies aan U gegee.

214 Nou, Vader, ek het pas afgesluit deur te sê dat die Heilige Gees in ons woon. En hierdie Heilige Gees, geloof met hierdie Gees, doen alle dinge. En ek glo dat hierdie einste uur, U elke sonde vergewe wat hulle gedoen het. En ek vra U, met al die geloof wat in my hart is, dat U hulle lewetjies sal hou, af langs die pad. Mag hulle nooit afdwaal van die Pad nie.

215 Dit is waarlik 'n vreemde ding. Die Gees het vanmôre gesê, ons sou "iets vreemds sien." God, as U klaar gewerk is met die ander, neem kindertjies. Hoe vanmôre, in die altaaroproep,

daar nie een volwassene is nie, maar die hele groep kindertjies opgekom het. Tog, dit was 'n groot Boodskap van harde begrip, selfs vir die volwassenes, maar die kinders het die Gees Daarvan gesnap. Ons dank U vir hulle, Vader. Ek gee hulle vir U, as U dienskneg, as die trofeë van hierdie diens; want, in die herinnering dat die altyd-Teenwoordigheid van die Water van Lewe saam met hulle sal vloei, solank as wat hulle lewe. Mag hulle nou geloof hê in net wat gebeur, dat God, wat hulle uit hulle sitplek getrek het en hulle hiernatoe gestuur het, mag hulle geloof in daardie God hê al die dae van hulle lewe. Mag hulle gesies na U gebring word in die dag van hulle dood; teruggebring word na hulle liggaam in die dag van die opstanding. Hulle is U s'n, Vader. Ons gee hulle vir U deur Jesus se Naam.

216 Terwyl ons ons hoofde geboë het. Ek gaan al hierdie kindertjies vra by die altaar, wat glo dat Jesus julle Verlosser is en die Een Wie vir julle gesê het, daaragter in die gehoor, om hier op te kom en neer te kniel om hierdie altaar. Glo julle dat Jesus julle liefhet en julle sonde vergewe? Ek wil hê julle moet almal op julle voete staan en terugkyk hier na die gehoor. Hierdie, dis die manier wat julle vir die mense kan sê dat julle glo dat Jesus julle red. Nou staan op julle voete, dis reg, en kyk reguit terug na die gehoor. Al julle seuntjies en dogtertjies wat Jesus liefhet, staan op en kyk terug na die gemeente daar, elkeen van julle.

217 Wat van julle dogtertjies hier aan die voorkant? Glo julle? Het julle Jesus lief? Hierdie dogtertjies hier, het julle Jesus lief met julle hele hart? Het julle? Julle Hom lief? Jy Hom lief, skat? Staan hier op, laat die mense weet dat jy Jesus liefhet. God seën julle.

218 Nou, laat ons omdraai *hierdie* kant toe en vir die mense sing voor ons weggaan: "Jesus min my! Dit weet ek. Die Bybel sê my so." Sien? Laat ons net ons hande opsteek soos ons dit nou sing. Goed, laat ons dit sing.

Jesus min my! dit weet ek,
Want die Bybel sê my so;
Kindertjies aan Hom behoort,
Hul is swak . . .

219 Nou met julle hande op, hoeveel hierbinne wil—wil daar wees?

Ja, Jesus min my,
Ja, Jesus min my,
Ja, Jesus min my,
Die Bybel sê my so.

220 Nou herhaal julle agter my aan. Ek glo [Die kinders by die altaar sê: "Ek glo"—Red.] Jesus Christus ["Jesus Christus"] is die Seun van God. ["is die Seun van God."] Vandag ["Vandag"] aanvaar ek Hom as my persoonlike Verlosser. ["aanvaar ek Hom as my persoonlike Verlosser."] Vanaf hierdie dag, ["Vanaf hierdie

dag,"] vorentoe, ["vorentoe,"] sal ek Hom liefhê ["sal ek Hom liefhê"] en Hom dien. ["en Hom dien."] Amen. ["Amen."]

221 ['n Broer in die gemente sê: "Broer Branham, ek het vier kinders op my hart op hierdie tyd. Sal jy asseblief vir hulle bid?"—Red.] Sekerlik sal ek, Broer Ben.

222 Hemelse Vader, hierdie man sien dat ander kindertjies na Christus toe kom, en hy roep uit, as 'n vader, vir sy eie kleintjies. En die Gees wat hierdie kleintjies na die altaar gebring het, mag daardie selfde Gees sy kinders red, Here. Skenk dit. Ons gee hulle vir U, Vader, in die Naam van Jesus Christus.

223 Nou, soos julle kleintjies teruggaan na julle sitplekke, wil ek almal langs daardie ry hê om hand te skud met hierdie kindertjies, of hulle aan te raak soos hulle teruggaan. Gaan julle almal terug na julle sitplekke, *hierdie* kant toe. En laat almal daarlangs net die kleintjies aanraak. En ons het julle lief met ons hele hart. Julle is lidmate van die Liggaam van Christus, net soveel Daarin as die res van ons.

Ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.

Kom, ons wat die Here liefhet,
En maak ons vreugde bekend,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
En so omring die troon,
En so omring . . .

Dis baie goeie sang! Laat ons nou ons hande opsteek.

Ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.

Laat ons net mekaar se hande skud terwyl ons nou sing.

Ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.

224 Nou, laat ons staan met ons geboë hoofde, terwyl ons . . . Speel dit Broer Teddy, net 'n . . . [Broer Branham begin neurie: "*Ons Marsjeer Na Sion*"—Red.]

225 Ek het 'n paar versoeke hier, en sakdoeke ensovoorts. Hulle mag van oorsee af kom. Billy het vir my vertel hulle het 'n paar skoentjies gehad van 'n babatjie oorkant in Engeland, omtrent so lank, die dingetjie is heeltemal kreupel. En so moes ons daarvoor ook bid.

226 En so. . . [In die gehoor, sê Broer Ben: "Broer Branham verskoon my asseblief vir die onderbreking, maar bid dat, wie ons motor gisteraand getref het, op my regter voormodderskerm, bid dat dit openbaar sal word. Bid dat die Here dit sal openbaar."—Red.] Amen, Broer Ben, ek sal dit beslis doen.

227 [Broer Branham gaan voort om te neurie: "*Ons Marsjeer Na Sion*"—Red.]

228 Soos ons marsjeer, Here, weet ons dat die geslaande Rots reg saam met ons in is, die altyd-Teenwoordigheid van die Water uit die Rots gaan saam met die Kerk. O Ewige God, maak los vir ons, vanmôre, geloof in hierdie God wat met ons is. Ek weet U sal, net soos ons genade by U kan vind, dat U ons Daarmee kan vertrou. As U Dit vir ons gee in die oorvloed, mag ons Dit misbruik, Here. Maar as ons genade by U vind, laat dit gebeur.

229 Ons broer het gesê iemand het sy motor getref. O God, ons weet die man het nie geld om die dinge te doen nie. Ek bid dat U die kêrel sal laat skuldig voel, of iets, hy mag bely dat hy dit gedoen het, kom, sê: "Broer, ek sal jou motor regmaak, ek het dit gedoen." Help Broer Ben en sy geliefdes.

230 Hier, wat in my hand lê, is sakdoeke en versoeke, wat geloof in daardie God het. Moses het geloof in daardie God gehad, en hy het die see oorgesteek. Daniël het geloof in daardie God gehad, en is verlos uit die leeukuil. Sadrag, Mésag, en Abednégo, het geloof in Hom gehad, en die vuur uitgeblus. Paulus het geloof in Hom gehad, en eendag, toe die dienste baie moeilik was en Paulus nie by almal kon uitkom nie, het hy net 'n sakdoek geneem, hy het gesê: "Ek glo dat God met my is." Hy het sy hande op die sakdoeke en voorskote gelê, en bose geeste het uit die mense uitgegaan, en siektes en kwale het weggegaan van hulle. En, God, ek het geloof in dieselfde God. Mag die boosheid weggaan. Siektes, kwale, beproewinge, mag dit weggaan, Here.

231 U is dieselfde God wat met my gepraat het daaronder in daardie Vuurkolom, onder op die rivier. U is die Een wat U foto hier saam met my het, wat hier hang, op die muur. U is met ons, Here. U is altyd-teenwoordig, daardie selfde Vuurkolom. En ons het die Water uit die Rots geniet elke dag, soos ons bymekaarkom in die Gees. Dan, U is hier. Ons het vertroue in U, Here. Ons het geloof in U. Ons glo dat U ons sal salf en ons sal help. Nie vir ons glorie nie, Here; ons sal dan soos Moses wees, toe hy die verkeerde ding gedoen het. Ons wil iets doen om U te help, Here. Dis die bedoeling van ons hart, U te help, as ons dit kan doen. Wys U ons, Vader, wat U ook al wil hê ons moet doen.

232 En nou, volgens 'n geloofsdaad, veroordeel ek die siektes wat hierdie sakdoeke verteenwoordig, en hierdie versoeke. Hulle sal die mense verlaat. Ek weet U sal dit doen, Here. Ek glo dit, in my hart, dat U dit sal doen. Genees al die siekte in ons midde vanmôre.

233 Red diegene wat hulle hande opgesteek het, wat gesê het hulle wil graag na die Rots toe kom, vir Water. God, mag hulle so dors wees vandag, mag daar so 'n sout lewe om hulle wees, dat dit hulle sal laat dors na Christus. Skenk dit.

234 Wees met ons vanaand, Vader. O God, laat my uitvind, deur hierdie versoeke, wat op die mense se harte is. As daar niks op hulle harte is nie, dan, Here, gee U vir my iets om te preek tot hulle harte vanaand.

235 Seën ons Broer Neville, en sy vrou, sy familie; ons kerkie, ons trustees, ons diakens, ons lidmate. En U Liggaam oral, wees met ons, Vader. Ons vertrou hierdie toe aan U hande, in Jesus Christus se Naam.

Sion; ons marsjeer opwaarts na Sion,
Die pragtige Stad van God.

Nou laat ons dit sing, werklik, werklik vir Hom nou. Sien?

Kom, ons wat die Here liefhet,
En maak ons vreugde bekend,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
En so omring die troon,
En so omring die troon.

Met ons geboë harte nou.

Ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.

Die Altyd-Teenwoordige Water Uit Die Rots AFR61-0723M
(The Ever-Present Water From The Rock)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 23 Julie 1961, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org